# 'N VERKENNING VAN ASSESSERINGSPRAKTYKE VAN MAATSKAPLIKE WERKERS IN DIE BEPALING VAN BINDING TUSSEN DIE MIDDELKINDERJARE-KIND EN SY VERSORGERS

deur

**Heidi Joubert**
**BSoc Sc (MW) UOVS**

Voorgelê ter gedeeltelik voldoening aan die vereistes vir die graad

**MAGISTER ARTIUM**
**(MAATSKAPLIKE WERK: FORENSIESE PRAKTYK)**

In die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, Skool vir Psigososiale Gedragswetenskappe, Afdeling Maatskaplike Werk

by die

**Noordwes-Universiteit**
**Potchefstroom-kampus**

Studieleier: Potchefstroom

Dr MM Steyn November 2008

# DANKBETUIGINGS

Hiermee my opregte dank aan:

- My Hemelse Vader vir krag en leiding
- My eggenoot, Pierre, vir die invoer van literatuur, maar ook vir jou liefdevolle begrip en geduld
- My kinders, Danielle en Pierré, wat vir my so baie leer oor liefde en binding
- My ouers, vir jul liefde, ondersteuning en bystand met die versorging van die kinders
- Dr MM Steyn, vir u geduld, wysheid en ondersteuning die afgelope twee jaar
- Dr Sandra Ferreira, vir u onbaatsugtige hulp met die koderingsproses
- Me Cecilia van der Walt, vir die noukeurige taalversorging (SAVI-registrasienommer: 1000228)
- Aan elkeen van die deelnemers wie se insette hierdie studie moontlik gemaak het

INHOUDSOPGAWE


**Bladsy nr.**

**OPSOMMING/SUMMARY** v-vi

**VOORWOORD** vii

## AFDELING A: DIE ARTIKEL

1. INLEIDING 2

2. TEORETIESE BEGRONDING 3

2.1 ASSESSERING VAN BINDING ... 3
2.2 ASSESSERINGSPRAKTYKE IN SUID-AFRIKA ... 6

3. PROBLEEMSTELLING 7

4. DOELSTELLING EN DOELWITTE 7

4.1 DOEL ... 7
4.2 DOEL WITTE ... 7

5. NAVORSINGSMETODOLOGIE 8

5.1 NAVORSINGSONTWERP ... 8
5.2 DEELNEMERS ... 8
5.3 PROSEDURE ... 9
5.4 DATAVERWERKING ... 9
5.5 ETIESE ASPEKTE ... 10
*5.5.1 Ingeligte toestemming: ... 10*
*5.5.2 Potensiële skade aan deelnemers ... 10*
*5.5.3 Vertroulikheid ... 10*
*5.5.4 Bevoegdheid van die navorser ... 11*
*5.5.5 Voorkoming van misleiding ... 11*

6. BESPREKING VAN DIE DATA 11

6.1 DIE DEELNEMERS ... 11
6.2 TEORETIESE TOEPASSING VAN BINDING ... 11
*6.2.1 Opleiding in binding ... 11*
*6.2.2 Benutting van bindingsassessering ... 12*
*6.2.3 Binding ... 14*
*6.2.4 Die versorger ... 16*
*6.2.5 Evaluering van teoretiese riglyne in middelkinderjare-assessering ... 16*
6.3 ASSESSERING VAN BINDING ... 18
*6.3.1 Benadering ... 18*
*6.3.2 Aspekte ingesluit by bindingsassessering ... 19*
*6.3.4 Struikelblokke in die assessering van binding ... 29*

7. GEVOLGTREKKING 30

8. HIPOTESIS WAT AS RIGLYNE KAN DIEN 32

BRONNELYS 34

## AFDELING B: ADDENDUMS 41

**ADDENDUM 1:** ....................................................................................................42

Onderhoudskedule

**ADDENDUM 2:** ....................................................................................................44

Bevestiging deur Onafhanklike Kodeerder

**ADDENDUM 3:** ....................................................................................................45

Voorskrifte aan outeurs

**LYS TABELLE**

TABEL 1: BESKIKBARE METINGSKALE VIR DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE 5

TABEL 2: BENUTTINGSWAARDE VAN BINDINGSASSESSERING 12

TABEL 3: IMPLIKASIE VIR BINDING IN DIE MIDDELKINDERJARE 16

TABEL 4: SAMEVATTING VAN DEELNEMERS SE ASSESSERINGSPRAKTYKE 20

TABEL 5: ASSESSERING VAN DIE VERSORGER 23

# OPSOMMING


**SLEUTELTERME**

- Verkenning, assesseringspraktyke, binding, kind, middelkindjare, versorger, ouer-kind-verhouding

Die assessering van die kind se binding vorm die kern van die maatskaplike werker se dienslewering binne kindersorg, maar geskied dikwels sonder die nodige kundigheid en opleiding ten opsigte van metodes en tegnieke vir die assessering van binding. Die identifisering van die probleem het gelei tot 'n verkennende en beskrywende studie om die effektiwiteit van beskikbare modelle vir die assessering van die binding van die middelkinderjare-kind te bepaal. Ten einde die doel te bereik is beskikbare meetsinstrumente vir die assessering van binding bestudeer en aan die hand van 'n literatuurstudie en empiriese ondersoek te verken.

Die studie het die assesseringspraktyke van sewe maatskaplike werkers in Bloemfontein verken. Die deelnemers is doelgerig as verteenwoordigers uit verskillende werkterreine geselekteer op grond van hul werksaamhede rakende die assessering van binding.

Maatskaplike werkers in Suid-Afrika volg 'n kwalitatiewe benadering tot die assessering van binding, wat hoofsaaklik bestaan uit die assessering van die kind, assessering van die versorger, waarneming en 'n kollaterale ondersoek. Die literatuur ondersteun die metodes, maar 'n behoefte is geïdentifiseer aan gestandaardiseerde metingskale vir die assessering van die binding van die middelkinderjare-kind wat in kombinasie met die kwalitatiewe metodes benut kan word. Tydens die literatuurstudie is waardevolle assesseringskale opgespoor wat in die buiteland nog in die proses van standaardisering verkeer, maar tans nog onontgin is in Suid-Afrika; dus ook nog nie deur maatskaplike werkers aangewend word nie.

'n Kwalitatiewe benadering binne die Ontwikkelings- en Benuttingsmodel is gevolg. Die navorsingsprobleem is op 'n omvattende wyse geanaliseer en relevante inligting is ingesamel ten opsigte van die assessering van die binding van die middelkinderjare-kind. Dit stel die navorser in staat om riglyne te formuleer vir die ontwikkeling van 'n doeltreffende assesseringsmodel vir binding.

# SUMMARY


**KEY TERMS**

- Explore, assessment practices, attachment, child, middle childhood years, caregiver, parent-child relationship

Assessing the attachment between a child and caregiver is an important task within the social worker's professional domain. This is mostly restricted due to a lack of training and expertise with regard to methods and techniques used in assessing attachment. The identified problem led to the implementation of a descriptive study aimed at exploring effectiveness of scales for the assessment of attachment between the child in the middle childhood years and his/her caregiver. The goal was achieved by studying and exploring available practices derived from an extensive literature review and empirical study.

Seven social workers in Bloemfontein participated in the study. Target-sampling was undertaken to ensure that participants represented different areas in the work-field that employ the assessment of attachment.

Social workers in South Africa show preference to qualitative assessment procedures, including an assessment of the child, an assessment of the caregiver, observation and a collateral investigation. Although such an approach is generally consistent with literature, the present study highlighted an additional need for the standardization of assessment scales for attachment in middle childhood to be utilized in conjunction with qualitative methods of assessment. The literature review confirmed the availability of a range of reliable scales, though not validated thoroughly, but thus far unexplored by social workers in South Africa.

A qualitative approach within the Developmental and Utilization Model enabled the researcher to conduct an in-depth analysis of the existing problem. Information was gathered with regard to relevant aspects of attachment in middle childhood in a successful attempt to formulate guidelines for the development of an effective model for the assessment of attachment between the child in middle childhood years and his caregiver.

# VOORWOORD

Die artikel word aangebied in die formaat soos voorgeskryf ingevolge Regulasie A.11.2.5 vir die graad M.A. Maatskaplike Werk (Forensiese Praktyk). Die artikel voldoen aan die vereistes vir die maatskaplikewerk-vaktydskrif getitel *Social* Work/Maatskaplike Werk.

Toestemming is deur die mede-outeur verleen dat me Joubert die ingeslote manuskrip mag indien vir die doeleindes van die MA-graad.

# AFDELING A: DIE ARTIKEL

# ’N KWALITATIEWE ONDERSOEK NA ASSESSERINGSPRAKTYKE IN DIE BEPALING VAN BINDING TUSSEN DIE MIDDELKINDERJARE-KIND EN SY VERSORGERS

**H Joubert en MM Steyn**

Me Joubert is ’n maatskaplike werker in 'n privaatpraktyk in Bloemfontein en dr Steyn is ’n senior lektor in die Vakgroep Maatskaplike Werk in die Skool vir Psigososiale Gedragswetenskappe, Fakulteit Gesondheidswetenskappe, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom-kampus.

E-pos: heidi@bfn.co.za
E-pos: marie.steyn@nwu.ac.za

**SAMEVATTING**

Die assessering van die kind se binding vorm die kern van die maatskaplike werker se besluitneming ten opsigte van statutêre intervensie, plasings van kinders, permanensiebeplanning, die bewaring van kinders en die formulering van terapeutiese doelwitte. Dit is dus nodig om ondersoek in te stel na die doeltreffendheid van bestaande assesseringsmodelle in Suid-Afrika ten einde riglyne te formuleer vir die ontwikkeling van 'n doeltreffende assesseringsmodel. Sewe maatskaplike werkers uit verskillende werkterreine in Bloemfontein is by 'n kwalitatiewe ondersoek betrek. Die uitkoms van die ondersoek het daarop gedui dat maatskaplike werkers staat maak op die tradisionele kwalitatiewe benadering van assessering, terwyl daar 'n leemte bestaan in die sin dat objektiewe, gestandaardiseerde metingskale vir die assessering van binding nie beskikbaar is nie. Die studie kon daarin slaag om riglyne te formuleer vir die ontwikkeling van 'n model vir die assessering van binding tussen die middelkinderjare-kind en sy versorgers.

## 1. INLEIDING

Ongeag die aard van die maatskaplike werker se diensterrein op die gebied van kindersorg word toenemend van maatskaplike werkers vereis om die binding tussen die kind en sy versorger te assesseer (Nelson & Bennet, 2008:3; Crittenden 2007: 78; Holland, 2004:148). Dit blyk dat kennis van en vaardighede rakende die assessering van binding vir die maatskaplike werker onontbeerlik geword het in die daaglikse praktyk. Die behoefte aan 'n model vir die assessering van binding van die

middelkinderjare-kind het gelei tot die ondersoek na bestaande wyses waarop maatskaplike werkers in verskillende diensterreine binding assesseer. Die doel daarmee was om riglyne te formuleer waaruit 'n doeltreffende assesseringsmodel ontwikkel kan word.

## 2. TEORETIESE BEGRONDING

Outeurs soos Juffer *et al.* (2007:1) en Nickerson (2002:14) aanvaar binding as 'n geldige konsep wat ontwikkel het uit 'n empiries gevalideerde teorie en wat van toepassing is op die assessering van verskeie gesinsamestellings. Die term *binding* is nie vreemd aan die maatskaplikewerk-praktyk nie. Brandell en Ringel (2007:51) en ook Holland (2004:78) beskou die teorie van binding as waardevol binne die raamwerk van kinder- en gesinsorgdienste. Howe *et al.* (1999:3) illustreer dat dit juis die elemente van binding is wat deur maatskaplike werkers ondersoek word. Dit behels die ouer-kind-verhouding, die gehalte van die versorging, watter persone die beste in staat is om die kind te versorg, die ontwikkelingsbehoeftes van die kind en die kind se veiligheid binne die gesin.

Orlans en Levy (2006:17) definieer *binding* soos volg: "Attachment is the deep and enduring connection established between a child and caregiver in the first several years of life. It profoundly influences every component of the human condition: mind, body, emotions, relationships and values. Attachment is not something that parents do to their children; rather, it is something that children and parents create together, in an ongoing, reciprocal relationship."

Die verhouding tussen die kind en sy versorger word dus as binding beskou. In die Westerse kultuur is die bindingsfiguur gewoonlik die moeder en/of vader (Steward & O'Day, 2000:148). Binne die konteks van Suid-Afrika se kulturele diversiteit en unieke maatskaplike omstandighede moet die grootmoeder of ouer sibbe in sekere kulture in ag geneem word met die identifisering van die kind se primêre bindingsfiguur.

### 2.1 ASSESSERING VAN BINDING

Gedurende die kleutertydperk word die kind se sekuriteitsgevoel hoofsaaklik gekenmerk deur die fisiese beskikbaarheid van die bindingsfiguur en is skeidingsangs 'n aanduiding van die bindingsisteem wat geaktiveer is (Menon, 2008:2; Howe *et al.*, 1999:31).

Die assessering van binding in die kleuterfase berus hoofsaaklik op die "Strange Situation", 'n gestandaardiseerde assesseringsprosedure wat deur Ainsworth ontwikkel is (Kobak & Madsen, 2008:28; Weinfield *et al.*, 2008:94), waarvolgens skeidingsangs gemeet word as konstruk ter bepaling van die kleuter se bindingsekuriteit (Howe *et al.*, 1999:31). Hieruit het Ainsworth die eerste drie bindingspatrone geïdentifiseer as geborge, angstig-vermydend en angstig ambivalent/weerstandig (Nelson & Bennet, 2007:4; Blunden, 2005:88) en 'n bykomende kategorie, gedisorganiseerde binding, is gedurende 1990 deur Main en Solomon bygevoeg (Lyons-Ruth & Jacobvitz, 2008:666).

Namate die kind se kognitiewe vermoëns toeneem en hy die middelkinderjare betree, maak hy gebruik van "internal working models" of 'n interne werksmodel (Blunden 2005:87) wat dui op 'n geïnternaliseerde beeld of kognitiewe voorstelling waarvolgens die kind die beskikbaarheid van die bindingsfiguur evalueer (Bretherton & Munholland, 2008:102; Leibowitz *et al.*, 2002:56) en wat die grondslag vorm van die kind se emosionele en sosiale ontwikkeling (Kerns *et al.*, 2007:33; Sroufe, 2005:365; Kagan, 2004:9).

'n Tweede gestandaardiseerde meetinstrument, die "Adult Attachment Interview" (AAI) is deur George, Main en Kaplan (1986,1996) ontwikkel om volwasse bindingspatrone te klassifiseer (Bretherton & Munholland, 2008:114; Hesse, 2008:552). Dié instrument stem grootliks ooreen met die klassifikasies van Ainsworth en Main.

Die 1990's is gekenmerk deur 'n leemte rakende navorsing oor binding in die middelkinderjare. Alhoewel Kerns (2008:366) aandui dat daar die afgelope vyf jaar verskeie meetinstrumente vir die middelkinderjare ontwikkel is, bestaan daar geen eenvormige metodologie vir die assessering van binding nie (Kerns, 2008:368).

Kerns *et al.* (2005:51) se kategorisering van beskikbare meetinstrumente vir die middelkinderjare word in Tabel 1 aangedui met aanpassings uit Prior en Glaser (2006:97-98) en Kerns (2008:368):

**TABEL 1: BESKIKBARE METINGSKALE VIR DIE BINDING VAN DIE KIND IN DIE MIDDELKINDERJARE**

| Vraelyste | Narratiewe tegnieke | Gesinstekeninge | **Waarneming** |
|---|---|---|---|
| **Important People Interview (Kobak *et al.*, 2003)**<br>**Attachment Figure Interview (Kerns *et al.*, 2003)**<br>**Security Scale (Kerns *et al.*, 2001)**<br>**Avoidant and Preoccupied Scales (Finnigan *et al.*, 1996)**<br>**Child Attachment Interview (Target *et al.*, 2003)** | **Doll Story Completion Task (Granot & Mayseless, 2001)**<br>**Separation Anxiety Test (Resnick, 1993)**<br>**Attachment Interview for childhood and adolescence**<br>**(Ammanti, 2000)**<br>**Friends and Family Interview (Steele & Steele, 2005)**<br>**McArthur Story Stem Battery (Bretherton *et al.*, 1990)**<br>**Story Stem Assessment Profile (Hodges, 1990)** | **Family Drawings**<br>**(Fury *et al.*, 1997; Madison *et al.*, 2003)** | **Waarneming van bindingsgedrag (Easterbrooks *et al.*, 1993)** |

Die beskikbaarheid van 'n wye verskeidenheid meetinstrumente vir die middelkinderjare beteken nie dat struikelblokke oorbrug is nie. Inteendeel, Kerns (2008:369) dui aan dat, alhoewel die metingskale as betroubaar geag word, die meeste skale se aanspraak op geldigheid tot een of twee studies beperk is.

Die meting van binding in die middelkinderjare word bemoeilik deur die debat oor watter konstruk van binding in die middelkinderjare gemeet moet word (Kerns, 2008:366; Ràzuri, 2007:8). Dit kom daarop neer dat die kind se bindingsgedrag gemeet moet word teenoor die uitgangspunt dat die meting van binding in die middelkinderjare tot op die vlak van voorstelling ("representation") aangepas moet word. Dit impliseer dat tegnieke (soos projeksies en narratiewe) gebaseer kan word op die kind se vermoë om sy binding deur middel van kognitiewe voorstelling weer te

gee. (Vgl. Solomon & George, 2008:399; Prior & Glaser, 2006:109; Pezzot-Pearce & Pearce, 2004:277.)

Die navorser vind aanklank by Kerns *et al.* (2005:61) se voorstel dat die ontwikkeling van 'n reeks of "battery" meetinstrumente (wat verskillende konstrukte van binding meet) 'n meer aanvaarbare wyse van meting is en voortgesette navorsing vereis.

## 2.2 ASSESSERINGSPRAKTYKE IN SUID-AFRIKA

Gesprekvoering met Potgieter (2006a), wat die RP-assesseringsmodel (Reaction in Play) ontwikkel het en Aucamp (2008), wat die eertydse RP-model binne die werksaamhede van Rapha Opleidingsinstituut in Pretoria uitgebrei het, bevestig dat 'n beperkte aantal maatskaplike werkers in die assessering van binding spesialiseer. Bestaande ongestandaardiseerde assesseringspraktyke van Aucamp (2008), Potgieter (2006b), Corrie (2003) en Blundan (2005) toon ooreenkomste ten opsigte van 'n holistiese benadering; benutting van 'n verskeidenheid tegnieke en metodes; waarneming as 'n belangrike aspek van assessering en die insluiting van die assessering van die versorger se binding in sy verlede. Die assessering van binding blyk 'n kwalitatiewe proses te wees waarvolgens die maatskaplike werker, met kennis van binding en kwalitatiewe assesseringstegnieke, tot die gesin toetree, inligting inwin en staat maak op interpretasies wat aan teorie gemeet is.

Dit is insiggewend dat die assesseringsmetodes (vergelyk Tabel 1), soos aangedui in die literatuur, nie deur maatskaplike werkers in Suid-Afrika benut word nie en dat daar 'n leemte bestaan ten opsigte van die gebruik van gestandaardiseerde metingskale wat aanvullend tot kwalitatiewe assessering aangewend kan word (Aucamp, 2008). Gestandaardiseerde meetinstrumente behoort volgens Corrie (2003:274) by verdere navorsing ingesluit te word: "Research is needed into the development of standardized attachment scales for South Africa."

Volgens 'n mededeling van mnr AJ Hanekom (2008), Direkteur van die Perspektief Opleidingskollege in Potchefstroom, is drie ekometriese assesseringskale spesifiek deur Perspektief Kollege ontwikkel om die individu se funksionering binne verhoudings te meet, met 'n individuele skaal beskikbaar vir die middelkinderjare. Alhoewel die skale nie binding *per sé* meet nie, is dit 'n gestandaardiseerde meetinstrument wat moontlik 'n bydrae kan lewer tot die assessering van binding. Die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe (Mhlanga, 2008) dui aan dat die Raad besig is om 'n raamwerk te ontwikkel waarvolgens ekometriese skale vir

benutting deur maatskaplike werkers geregistreer kan word. Geen meetinstrument ten opsigte van die assessering van binding is tot dusver in Suid-Afrika ontwikkel nie.

## 3. PROBLEEMSTELLING

Potgieter (2006a) bevestig dat daar in Suid-Afrika werklik 'n behoefte bestaan aan verdere navorsing oor en ontwikkeling van modelle en tegnieke rakende die assessering van binding. Die ontwikkeling van 'n assesseringsmodel blyk egter kompleks en problematies van aard te wees weens die feit:

- dat daar nie konsensus onder maatskaplike werkers bestaan oor die benadering wat in assessering gevolg moet word nie; hetsy die objektiewe insameling van geldige inligting (waar meetinstrumente en skale gebruik word) of 'n indringende assessering van die gesin, waar veral staat gemaak word op die professionele interpretasies en beoordeling deur die maatskaplike werker (Holland, 2004:2);
- dat die geldigheid van die beskikbare metingskale nie voldoende bewys is nie (Kerns, 2008:369); en
- dat navorsers van mening verskil met betrekking tot die tegnieke wat met die assessering van binding toegepas moet word. Hier verwys Byrne *et al.* (2005:117) na waarneming as assesseringstegniek wat nie konsekwent in bewaringsake toegepas word nie.

Die probleem wat dus in hierdie ondersoek aangepak word is om vas te stel wat doeltreffendheid bestaande assesseringsmodelle in Suid-Afrika.

## 4. DOELSTELLING EN DOELWITTE

### 4.1 DOEL

Die doel van die studie is om die doeltreffendheid van beskikbare bindingsassesseringsmodelle vir binding tussen die middelkinderjare-kind en sy versorger te bepaal ten einde riglyne te formuleer vir die ontwikkeling van 'n doeltreffende model om binding in die middelkinderjare te assesseer.

### 4.2 DOELWITTE

Twee doelwitte spruit voort uit die oorhoofse doel, naamlik:

1. Om deur middel van 'n literatuur- en empiriese studie te bepaal watter meetinstrumente deur maatskaplike werkers benut word waardeur die binding tussen die kind in sy middelkinderjare en sy versorgers vasgestel word.

2. Om deur middel van 'n literatuur- en empiriese studie die sterkpunte en leemtes van bestaande assesseringpraktyke vas te stel ten einde riglyne te formuleer ten opsigte van watter assesseringspraktyke by 'n model ingesluit behoort te word vir die bepaling van binding in die middelkinderjare.

## 5. NAVORSINGSMETODOLOGIE

### 5.1 NAVORSINGSONTWERP

Die assessering van binding tussen die middelkinderjare-kind en sy versorgers is in 'n ontluikstadium en 'n betreklik onbekende terrein in Suid-Afrika; derhalwe is 'n kwalitatiewe benadering binne die intervensiemodel gevolg. Die doel van kwalitatiewe navorsing is om indringend te delf vir komplekse prosesse (Fouché & Delport, 2005:74-75) en gedetaileerde beskrywings van die verskynsel te verkry, aangesien die begrip *bindingsassessering* moontlik nog ongedefinieer is (Ferreira, 1999:12).

'n Verkennende en beskrywende studie is binne die raamwerk van die Ontwikkelings- en Benuttingsmodel onderneem (De Vos, 2005:394). Die eerste fase van die model is bereik deur middel van 'n omvattende analisering van die probleem waaruit die doel en doelwitte geformuleer is (De Vos, 2005:398). Die tweede fase van die model, waartydens toepaslike inligting ingesamel is, is voltooi deur middel van 'n indringende literatuurstudie oor die assessering van binding en die evaluering van assesseringspraktyke in Suid-Afrika. Hieruit wil die ondersoeker die weg baan vir voortgesette navorsing op die gebied van binding.

### 5.2 DEELNEMERS

Doelgerigte steekproefneming behels dat 'n steekproef na die oordeel van die ondersoeker saamgestel word (Strydom, 2005:202). Vir doeleindes van die studie is deelnemers doelgerig geselekteer deur middel van teiken-steekproefneming (Strydom, 2005:203) wat beteken dat deelnemers spesifiek geselekteer is op grond van hul werksaamheid op die terrein van bindingsassessering met die oog op verteenwoordiging van die volgende onderskeie werkterreine in maatskaplike werk:

Welsynsorganisasie (1)

Departement Maatskaplike Ontwikkeling (1)

Raadgewer by die Gesinsadvokaat (1)

Institusionele sorg (1)

Universiteit van die Vrystaat (1)

Privaatpraktyk (2)

### 5.3 PROSEDURE

Die deelnemers is telefonies of per e-pos gewerf en die nodige goedkeuring vir deelname is van die betrokke werkgewers verkry.

Daar is gebruik gemaak van onderhoudvoering aan die hand van 'n semi-gestruktureerde onderhoudskedule wat deur die navorser self ontwikkel is (Addendum 1). Die onderhoude is met die deelnemers se toestemming op oudioband vasgelê. Onderhoudvoering is algemene praktyk in die uitvoering van kwalitatiewe navorsing (Greeff, 2005:287) en strek tot voordeel van die studie, aangesien verklarings en verduidelikings van die deelnemers verkry kon word (Ferreira, 1999:119; Greeff, 2005:296) en 'n komplekse onderwerp (binding) met buigsaamheid ondersoek kon word (Greeff, 2005: 296).

### 5.4 DATAVERWERKING

Dataverwerking het plaasgevind aan die hand van De Vos (2005:336) se voorgeskrewe (sirkulêre) model. Die volgende stappe is benut, hoewel nie noodwendig liniêr en in volgorde nie: transkribering van data, inventaris van beskikbare inligting, organisering van data in toeganklike formaat, kategorisering en kodering van data en die evaluering van data ten opsigte van die toepaslikheid met betrekking tot die navorsingsvrae en die literatuurbasis. 'n Soortgelyke model van dataverwerking is deur Smith en Osborn (2003 :64-76) beskryf.

Ten einde die geldigheid en betroubaarheid van die data te verhoog is elke deelnemer se voltooide transkripsie van die onderhoude aan hom/haar voorgelê om die inligting te verifieer en veranderinge aan te bring waar nodig. Om triangulering te voltooi is 'n omvattende literatuurondersoek onderneem en het dr Sandra Ferreira, verbonde aan die Universiteit van die Vrystaat (Departement Maatskaplike Werk), bykomend as onafhanklike kodeerder opgetree en die geldigheid en betroubaarheid van die bevindinge skriftelik bevestig (Addendum 2).

## 5.5 ETIESE ASPEKTE

Strydom (2005:69) beskryf die toepassing van etiese oorwegings binne die raamwerk van navorsing as " ...the responsibility to ensure that the relevant investigation meets all the ethical requirements ...". In aansluiting hierby wys genoemde outeur op die belangrikheid van die verkryging van vooraf goedkeuring vir die studie by 'n etiekkomitee (Strydom, 2005:68). Die navorser het vir doeleindes van die studie die nodige etiese goedkeuring van die Etiekkomitee van die Fakulteit Gesondheidwetenskappe verkry. Geregistreerde projeknommer is NWU - 000-37-07-S7.

Die volgende etiese vereistes is tydens die studie nagekom (Strydom, 2008:57-66):

### 5.5.1 Ingeligte toestemming

Die deelnemers is volledig ingelig oor die doel, aard en omvang van die studie en waar nodig, is die toestemming van deelnemers se werkgewers bekom. Deelname het op vrywillige basis geskied en die deelnemers kon hulle te eniger tyd in die loop van die studie daaraan onttrek. Voorts het die oudiobandopname van die onderhoude slegs geskied met die deelnemers se skriftelike toestemming en is een deelnemer se weiering van oudiobandopname gerespekteer. Die data is deur middel van notas vasgelê.

### 5.5.2 Potensiële skade aan deelnemers

Alhoewel die moontlikheid van fisiese en emosionele skade aan deelnemers tydens die studie gering was, sou die deelnemers ongemak kon ervaar deurdat hul werksaamhede in die praktyk aan die navorser blootgelê sou word. Strydom (2005:61-62) wys daarop dat die navorser deelnemers se metodes en werkswyses moet respekteer deur nie waarde-uitsprake te lewer of sy/haar eie mening voor te hou nie. Die navorser het te alle tye sensitief en professioneel opgetree ten einde te verseker dat deelnemers nie ongemak ervaar nie.

Die deelnemers se fisiese gemak is verseker deur die onderhoude te skeduleer volgens die deelnemers se individuele behoeftes ten opsigte van die datum, tyd en lokaal. Een van die deelnemers in 'n privaatpraktyk is ooreenkomstig haar fooiestruktuur vergoed vir haar tyd wat aan deelname aan die studie afgestaan is.

### 5.5.3 Vertroulikheid

Vertroulikheid is bevorder deur aan die deelnemers die keuse te stel om anoniem te bly, en identifiserende besonderhede is tydens die kodeerder se betrokkenheid weggelaat. Die ingesamelde data is omsigtig en met die nodige vertroulikheid

hanteer. Die inligting wat van die deelnemers verkry is, is nie deur die navorser in 'n ander konteks as die studie vir eie gewin aangewend nie.

### 5.5.4 Bevoegdheid van die navorser

Groot sorg is aan die dag gelê met die ontwikkeling van die onderhoudskedule en die navorser het voor elke onderhoud deeglik voorberei. Die deelnemers is ook voorberei deur die onderhoudskedule vooraf aan hulle beskikbaar te stel.

### 5.5.5 Voorkoming van misleiding

Die deelnemers is mondeling en skriftelik ingelig oor die doel van die studie ten einde misleiding te voorkom. Transkripsies van die deelnemers se onderhoude is ook aan hulle voorgelê ten einde regstellings te kan maak waar nodig.

# 6. BESPREKING VAN DIE DATA

Die data word ooreenkomstig die kategorieë wat uit die response gegenereer is, aangebied.

## 6.1 DIE DEELNEMERS

Sewe maatskaplike werkers het aan die studie deelgeneem. Drie van die deelnemers beskik oor nagraadse kwalifikasies in maatskaplike werk. Die minimum praktykervaring van die deelnemers is vier jaar, van wie vyf reeds meer as tien jaar ondervinding het.

Die ondersoek na verskillende wyses waarop maatskaplike werkers binding assesseer, word aangebied met verwysing na die deelnemers se teoretiese toepassing van binding (6.2), gevolg deur 'n uiteensetting van assesseringspraktyke (6.3). Beide genoemde uiteensettings word geëvalueer aan die hand van resente literatuur.

## 6.2 TEORETIESE TOEPASSING VAN BINDING

### 6.2.1 Opleiding in die hantering van binding

Die deelnemers se opleiding in die hantering van binding bestaan hoofsaaklik uit opleiding in die eertydse kinderassesseringsmodel, die RP-model (Reaction in Play) soos ontwikkel deur dr Reneé Potgieter (RP Opleiding, 2000), opleiding in Gestalt-spelterapie en opleiding in die Ontwikkelingsassesseringsmodel ("Circle of Courage") soos omskryf deur die Nasionale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (SAQA, 2008).

Die generiese aard van maatskaplikewerk-opleiding bring mee dat die teorie van binding nie breedvoerig in voorgraadse opleiding van maatskaplike werkers in Suid-Afrika behandel word nie. In die lig daarvan waarsku Crittenden (2007:78) dat maatskaplike werkers dikwels beskou word as deskundiges op die gebied van binding terwyl hulle geen formele opleiding in binding ondergaan het nie, is dit gerusstellend om te merk dat die deelnemers pogings aanwend om hul kennis oor binding te verbreed. Met die uitsondering van een deelnemer, beroep al die deelnemers hulle op eie naslaanwerk oor binding. Dit weerspieël 'n praktykbehoefte aan kennis rakende binding. Binne die konteks van die huidge opleidingspraktyke word maatskaplike werkers as lewenslange leerders beskou en op professionele vlak van hulle verwag om die verantwoordellikheid na te kom om hul kennisvlak voordurend uit te bou.

Die noodsaaklikheid van formele opleiding ten opsigte van binding is deur Nelson en Bennett (2008:111) verwoord: "We believe that modern attachment theory should be a strongly supported addition to the curriculum of all social work graduate schools".

### 6.2.2 Benutting van bindingsassessering

Die assessering van binding is 'n belangrike komponent in beide statutêre en terapeutiese dienslewering op die terrein van maatskaplike werk, soos duidelik weerspieël word in onderstaande tabel, Tabel 1:

**TABEL 2: BENUTTINGSWAARDE VAN BINDINGSASSESSERING**

| Geskatte % gebruik van bindings-assessering binne werksterrein | Werksverwante terreine | Doel van praktyk-beoefening |
|---|---|---|
| 5% | Tersiêre instelling | Voorgraadse opleiding |
| 25% | Raadgewer by gesinsadvokaat | Egskeidingsaangeleenthede |
| 50% | Departement Maatskaplike Ontwikkeling | Pleegsorgplasings |
| 70% | Welsynsorganisasie | Statutêre intervensie en terapie |
| 80% | Privaatpraktyk | Terapie en bewaringsake |
| 100% | Privaatpraktyk | Terapie en bewaringsake |
| 100% | Residensiële sorg | Permanensiebeplanning en terapie |

Bostaande Tabel 2 dui volgens die deelnemers die geskatte benutting van bindingsassessering in die onderskeie werkverwante terreine aan. Al die deelnemers benut bindingsassessering in die praktyk, maar die benuttingspersentasie is afhanklik van die aard van hul pligte of spesialisering in die praktyk. Die lae benutting (5%) kan toegeskryf word aan die feit dat opleiding in bindingsassessering ("Cirlce of Courage") slegs deel uitmaak van die betrokke deelnemer se pligte in voorgraadse statutêre opleiding. Die relatief lae benutting van 25% word verklaar aan die hand van die feit dat die deelnemer in 'n bestuursposisie verkeer by die Kantoor van die Gesinsadvokaat en bindingsassesserings tans nie op 'n voltydse, daaglikse basis hanteer nie. Die deelnemer meld ook dat die assessering van binding binne die breër konteks van egskeidingsaangeleenthede plaasvind en dat ander dispuutpunte (onder andere finansies en toegangsregte) ook aan bod kom.

Bindingsassessering word sterk benut in residensiële sorg. Die deelnemer verduidelik dat elke kind met opname assessering ondergaan wat merendeels op die kind se bindinge afgestem is. Die doel hiermee is nie alleen om die kind se toegang tot sy versorgers in sy beste belang te oorweeg nie, maar ook om vir die kind potensiële vakansie-ouers of pleegouers te identifiseer indien gesinshereniging nie verwesenlik kan word nie.

Uit die deelnemers se omvattende benutting van bindingsassessering in die praktyk, en in vergelyking met hul opleiding in bindingsassessering en eie behoefte aan meer kennis oor binding, blyk dit dat daar 'n behoefte bestaan aan 'n doeltreffende assesseringsmodel wat op verskeie werkterreine van toepassing kan wees. Die belangrikheid van die assessering van binding word na aanleiding van die toepassingsmoontlikhede soos volg geëvalueer:

#### *6.2.2.1 Plasing van kinders in alternatiewe sorg*

Uitsprake deur deelnemers dat bindingsassessering

*"help om beter besluite te neem ten opsigte van kinders se plasings en permanensiebeplanning"* en die identifisering van *"leemtes in familieplasings".'*

dui daarop dat die plasing van kinders meer geslaagd is indien besluitneming gegrond is op die assessering van binding. Hierdie siening word ondersteun deur O'Hara (2007:70) wat verklaar dat bindingsassessering die kans op mislukte plasings

kan beperk en ook deur Nilsen (2003:304) se mening dat bindingsassessering 'n meer prominente rol behoort te speel in pleegsorg- en aannemingspraktyke.

#### 6.2.2.2 Statutêre intervensie

Baker (2003:88) verwys na die belangrikheid van bindingsassessering binne statutêre intervensie. Vier van die deelnemers benut bindingsassessering in egskeidingsaangeleenthede en die tendens dat maatskaplike werkers toenemend deur regslui in kinderhofondersoeke geopponeer word, word deur een van die deelnemers erken:

> *"Ek het die afgelope drie jaar nie een saak gehad wat nie bestrede was nie."*

Volgens dié deelnemer maak sy gebruik van bindingsassessering binne statutêre intervensie. Pezzot-Pearce en Pearce (2004:4) se stelling dat kruisondervraging van maatskaplike werkers in die hof dikwels 'n gebrek aan kundigheid ten opsigte van assessering blootlê, laat die vraag ontstaan in watter mate maatskaplike werkers wat hulle kennis van en opleiding in binding betref, opgewasse is vir die hofarena. Crittenden (2007:78) se voorstel dat assessering ontwikkel moet word tot formele, gestandaardiseerde prosedures vir toepassing in kliniese situasies, sluit aan by die reeds geïdentifiseerde behoefte aan gestandaardiseerde metodes vir die assessering van binding in Suid-Afrika. By implikasie behoort 'n doeltreffende assesseringsmodel gestandaardiseerde metodes in te sluit ten einde die maatskaplike werker beter toe te rus vir die hofarena.

#### 6.2.2.3 Terapeutiese dienslewering

Ten opsigte van terapeutiese dienslewering dui deelnemers aan dat die assessering van binding nie noodwendig van die terapeutiese proses geskei word nie. Bindingsassessering word beskryf as die "sentrale doel van die terapeutiese proses" om "terapeutiese doelwitte te formuleer" en "binding te herstel". Heelwat literatuur oor bindingsterapie (Munns, 2007; Kagan, 2004, RP Opleiding, 2001; Jernberg & Booth, 2001; Howe *et al.*, 1999 ) beskryf die assessering van binding binne 'n terapeutiese proses. Die assessering van binding blyk dus noodsaaklik te wees om terapeutiese doelwitte te kan bereik.

### 6.2.3 Binding

Deelnemers definieer binding as die kind se gevoel van "behoort aan" en "gehegtheid aan" die versorger en dui die volgende komponente aan wat aan binding gekoppel word:

- intimiteit

- sekuriteit
- vertroue
- veiligheid
- affeksie
- geborgenheid

Blunden (2005: 47) dui aan dat gehegtheid van binding verskil, aangesien gehegtheid van swangerskap af tot na geboorte duur, terwyl binding progressief ontwikkel reeds van geboorte af. Marvin en Britner (2008:275-287) bevestig ook die oorsprong van binding by geboorte reeds en beskryf die voortgesette ontwikkeling van binding ooreenkomstig vier fases gedurende die vormingsjare. Die beskrywing van binding sluit aan by definisies wat in die literatuur voorkom, soos die verwysing na 'n emosionele komponent (Prior & Glaser, 2006:15; Orlans & Levy, 2006: 17; Fahlberg, 1991:14), die wederkerigheid van die binding (Orlans & Levy, 2006:17; Schofield & Beek: 2006:30) en die feit dat binding in 'n langtermynverhouding voortduur (Kerns *et al.*, 2005:47; Gray, 2002:17; Howe, 2001: 195-196).

Die deelnemers stel die voorsiening in die kind se fisiese en emosionele behoeftes as voorwaarde vir binding en huldig die mening dat positiewe binding tot die potensiaalbereiking van die kind lei. Een deelnemer verklaar dat:

> *"'n Positiewe binding maak dat die kind beter toegerus is vir probleme in die lewe.".*

O'Hara (2007:8) beskryf 'n vaste binding ook as 'n "...protective barrier against life's difficulties".

Binding voorsien 'n teoretiese raamwerk waarbinne die kind, adolessent en volwassene se gedrag en funksionering op emosionele, sosiale en interpersoonlike vlak verklaar word (Juffer *et al.*, 2007:1; Kerns *et al.*, 2007:33). Aangesien die kind se binding met sy primêre bindingsfiguur die grondslag vorm van alle toekomstige verhoudings (Gray, 2002:15), word die aard en gehalte van alle interpersoonlike verhoudings daardeur bepaal (Thompson, 2008: 361; Sroufe, 2005:365). Die deelnemers beskou binding in dieselfde lig deur daarna te verwys as die basis vir die kind se latere ontwikkeling op emosionele, kognitiewe, sosiale, morele en maatskaplike gebied.

Al die deelnemers onderskei tussen "binding" en 'n "verhouding", en die kollektiewe betekenis dui daarop dat verhoudings met meer as een persoon gehandhaaf word en

op verskillende vlakke voorkom. Voorbeelde van verhoudings is soos dié met die portuurgroep, 'n onderwyser, 'n afrigter, werkgewer, kollegas, familie of vriende, maar daar is nie noodwendig binding aanwesig nie. Soortgelyke onderskeid word in die literatuur aangetref waar na verhoudings verwys word as 'n verbintenis tussen die kind en ander persone in sy lewe soos 'n onderwyser, portuurgroep of vriende met wie die kind "ervarings en emosies deel" (Marvin & Britner, 2008:288).

### 6.2.4 Die versorger

Al sewe deelnemers beskou 'n versorger as die persoon wat by uitstek daagliks verantwoordelikheid aanvaar vir die voorsiening in die kind se fisiese en emosionele behoeftes en verwys hoofsaaklik na die moeder- en vaderfiguur. Juffer *et al.* (2007: vii) en Belsky en Fearon (2008:303) tref onderskeid tussen die kind se primêre versorger en ander familielede wat ondersteunend optree. Een van die deelnemers verwys na 'n primêre versorger as "gewoonlik die ma en pa" en 'n sekondêre versorger soos 'n kleuterskoolonderwyseres, wat die kind deeltyds versorg. 'n Ander deelnemer se belangrike bydrae herinner aan die unieke verskynsel van groeppleegsorg of "child-headed households" in Suid-Afrika, wat 'n ander betekenis gee aan die begrip *versorger.* O'Hara (2007:25) verwys ook spesifiek na "kinship care" wat impliseer dat die kind deur eksterne familielede versorg word.

### 6.2.5 Evaluering van teoretiese riglyne in middelkinderjare-assessering

Die deelnemers se persepsies rakende die assessering van binding van die middelkinderjare-kind word soos volg aan die hand van die literatuur geëvalueer:

**TABEL 3: IMPLIKASIES VIR BINDING IN MIDDELKINDERJARE**

| Literatuur | Deelnemers |
|---|---|
| ▪ Die middelkinderjare word beskou as die tydperk waartydens die kind hoofsaaklik in die laerskoolfase verkeer (Zuckerman, 2007:71; Harold & Hay, 2005:3; Louw *et al.*, 1990:325). | ▪ Deelnemers dui aan dat die middelkinderjare 'n omvattende ouderdomsgroep insluit en dat die jonger kind (6 jaar-10 jaar) verskil van die ouer kind (10 jaar-12 jaar) binne die ontwikkelingsfase. |
| ▪ Outeurs tref onderskeid tussen die vroeë middelkinderjare (ouderdomsgroep wat strek van 6-8 jaar of 6-10 jaar) en vroeë puberteit, 'n ouderdomsgroep wat strek van 8-12 jaar of 10-12 jaar (Han *et al.*, | ▪ Deelnemers vind dat individuele verskille tussen twee kinders van dieselfde ouderdom kan voorkom.<br>▪ Al die deelnemers kom tot die gevolgtrekking dat die maatskaplike werker se kennis van die |

| | |
|---|---|
| 2004:189; Clifford-Poston, 2005: 2). | emosionele, kognitiewe, sosiale en persoonlikheidsontwikkeling van die middelkinderjare-kind onontbeerlik is in die assesseringsproses. |
| ▪ Puberteit kan vroeër intree (Zuckerman, 2007:86) | ▪ Deelnemers noem dat puberteit soms reeds in die (tradisionele) middelkinderjare 'n aanvang kan neem. |
| ▪ Belangrike ontwikkelingstake van die fase is die ontwikkeling van sosiale vaardighede (Diener *et al.*, 2008:84; Sroufe, 2005:357; Kagan, 2004:17), skoolaanpassing (Kerns *et al.*, 2007:34; Granot & Mayseless, 2001:538) aanvaarding binne die portuurgroep (O'Hara, 2007:5; Nickerson, 2002:29) en die ontwikkeling van 'n positiewe selfbeeld (Kerns *et al.*, 2007:33; Schofield & Beek, 2006:338). | ▪ Deelnemers bevind dat die sosiale netwerk van die kind in die middelkinderjare verbreed en verinnig; derhalwe is sy funksionering binne skoolverband en inskakeling by die portuurgroep van kardinale belang by die assessering van binding.<br>▪ Een deelnemer beskryf dat dit " 'n ander kwaliteit aan binding gee"<br>▪ Deelnemers is van mening dat die bereiking van ontwikkelingstake soos waagmoed, bemeestering, uitdaging, sosialisering, onafhanklikheid en beheer tydens die assessering ondersoek moet word. |
| ▪ Alhoewel die kind se sosiale netwerk verbreed om eksterne rolspelers soos die skool en portuurgroep in te sluit (Litz, 2007:9; Sroufe, 2005:358) toon navorsing dat die kind in die middelkinderjare steeds afhanklik is van die versorger en die versorger benut as 'n basis vir sekuriteit (Kerns 2008:366; Ammaniti *et al.*, 2005: 120; Corrie, 2003:72). | ▪ Deelnemers beskryf hierdie ontwikkelingsfase as 'n "losmaakfase" van die versorger, ter voorbereiding op adolessensie.<br>▪ Die binding met die versorger is steeds teenwoordig en funksioneel, maar die klem verskuif van "stewige rots" na "back-up" en "meer op die agtergrond".<br>▪ Deelnemers is dit met mekaar eens dat emosionele beskikbaarheid van |

| | |
|---|---|
| | die versorger (veral binne die konteks van 'n probleem of 'n krisis) belangriker geag word as fisiese beskikbaar-heid. |

Uit die voorafgaande tabel is dit duidelik dat die deelnemers se ervaring ooreenstem met die grootste gedeelte van die literatuurstellings. In sekere gevalle het die praktyk verdere uitbreiding daaraan verleen, maar dit nie geopponeer nie. Dit is betekenisvol dat die deelnemers ontwikkelingstake soos waagmoed, bemeestering uitdaging en onafhanklikheid uitsonder om geassesseer te word. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die eise waaraan die jeug van vandag blootgestel word.

Vanweë die ontwikkelingskwessies van die middelkinderjare bied dit unieke uitdagings ten opsigte van die assessering van binding. Die voorafgaande tabel dui die belangrikheid daarvan aan dat die maatskaplike werker oor kennis moet beskik van die ontwikkelingstake van die middelkinderjare, maar benadruk dat individuele verskille ook in ag geneem moet word. Assesseringsmetodes en –tegnieke ten opsigte van binding, behoort aangepas te word om die middelkinderjare-kind in te sluit. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat 'n holistiese sosio-emosionele assessering van die kind 'n agtergrond kan skets waarteen inligting ten opsigte van die kind se binding geïnterpreteer kan word.

## 6.3 ASSESSERING VAN BINDING

Die assessering van binding word aan die hand van die volgende aspekte aangebied:

### 6.3.1 Benadering

Holland (2004:32) verwys na die kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings tot assessering as "scientific observation" en "'reflective evaluation" onderskeidelik. Met die kwalitatiewe benadering of indiepte-assessering, word inligting oor binding ingesamel deur middel van tuisbesoeke, onderhoude, kollaterale ondersoeke, direkte assessering en waarnemings. Volgens Howe *et al.* (1999:44) berus die bevindinge op "the social worker [ who ] aims to achieve a working "fit" between what she knows and sees, and the research evidence that defines the main attachment patterns and their associated behaviors".

Kwantitatiewe assesseringsmetodes behels die objektiewe insameling van inligting deur die benutting van geldige, betroubare en gestandaardiseerde skale. In Suid-Afrika is daar nie 'n gestandaardiseerde skaal beskikbaar om binding te assesseer

nie (Aucamp, 2008). Vir beide die "Strange Situation" (Bowlby, 1979/1988:9) en die "Adult Attachment Interview" (Bretherton & Munholland, 2008:114) is die maatskaplike werker verplig om opleiding in die buiteland te ondergaan (Bennet, 2008; Hesse, 2008:591).

Die deelnemers gee voorkeur aan kwalitatiewe assesseringsmetodes op grond van die feit dat die metode toegang verleen tot meer (indringende) inligting en waarsku dat assesseringskale die gevaar inhou dat mense se uniekheid uit die oog verloor kan word en kinders in:

*"kategorieë geplaas word".*

Dit dien gemeld te word dat Holland (2004:22) met haar verwysing na die raamwerk vir (algemene) assessering in Brittanje ook maan teen die benutting van skale in isolasie van ander assesseringsmetodes. Attach (2008:76-89) verwys na riglyne vir die assessering van binding soos voorgestel deur die American Professional Society on the Abuse of Children (APSAC) en waarsku ook teen die benutting van algemene vraelyste wat nie gestandaardiseer is nie.

Ten spyte van hul voorkeur, is al die deelnemers ten gunste van 'n kombinasie van indringende assesseringsmetodes en die benutting van objektiewe assesseringskale om betroubaarheid te verhoog, alhoewel nie een van die deelnemers bewus is van 'n gestandaardiseerde skaal ten opsigte van die assessering van binding nie. Een van die deelnemers heroorweeg die betroubaarheid van haar (kwalitatiewe) metodes soos volg:

> *"Ek gebruik metodes, maar is dit wetenskaplik genoeg, is dit gestandaardiseerd genoeg, is dit klinies genoeg dat ek werklik die werklike ding [binding] meet?".*

Die kwalitatiewe benadering in die assessering van binding word in beide die praktyk en in die literatuur met reg aangemoedig, maar empiriese data dui daarop dat 'n assesseringsbenadering wat beide kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes insluit, doeltreffender kan wees.

### 6.3.2 Aspekte ingesluit by bindingsassessering

Die navorsingsdoelwit is gerig op die leemte rakende die beskikbare modelle vir die assessering van binding. Die literatuurstudie kon weinig bydra tot die ondersoek na modelle vir die assessering van binding, aangesien daar gevind is dat die bindingskonsep binne 'n holistiese raamwerk van ouerskap geassesseer word.

Marvin en Britner (2008:288) bepleit die standaardisering van assesseringsprosedures wat die waarneming van die kind se interaksie met die versorger insluit, gekombineer met onderhoude en projektiewe tegnieke wat die kind se interne werksmodel assesseer. Opsommend identifiseer Kagan (2004:290), Pezzot-Pearce en Pearce (2004:238), Reder *et al.* (2003:14) en Howe *et al.* (1999:175) die volgende aspekte vir insluiting by die assesseringsproses:

- Assessering van die kind
- Assessering van die versorger
- Waarneming van die interaksie tussen die kind en die versorger
- Kollaterale ondersoek

Die empiriese studie toon dat elke deelnemer 'n unieke assesseringsproses volg, met die fokus op

- Die assessering van die kind
- Die versorger wat betrek word
- Benutting van waarneming
- Kollaterale ondersoek

'n Samevatting van die deelnemers se assesseringspraktyke word vervolgens in Tabel 4 deurgegee, gevolg deur 'n breedvoerige bespreking van die assesseringsproses soos hierbo uiteengesit.

**TABEL 4: SAMEVATTING VAN DEELNEMERS SE ASSESSERINGSPRAKTYKE**

| Gekose metode deur aantal deelnemers | Beskrywing van die aard van assessering en aantal deelnemers se benutting daarvan |
|---|---|
| **Algemene kinderassessering (7)** | RP-Model (3)<br>Gestalt (3)<br>Ontwikkelingsassessering (3)<br>Onderhoud (nie bogenoemde modelle) op kind ontwikkelingsvlak (2) |
| **Volwasse assessering van versorgers (6)** | Onderhoud (7)<br>Vraelyste (5)<br>Projeksies vir volwassenes (3) |
| **Waarneming (7)** | Ongestruktureerd (7)<br>Gestruktureerd (3)<br>Tuisbesoeke (3) |
| **Kollaterale ondersoek (6)** | Skoolbesoek (4)<br>Skoolverslae (5)<br>Verslae van ander professionele persone (6)<br>Inligting uit gemeenskap (6) |

Die volgende bespreking fokus op die assessering van die kind, die versorger, die benutting van waarneming en die kollaterale ondersoek.

#### *6.3.2.1 Die assessering van die kind*

Die assesseringspraktyke soos die RP-model, Gestalt en Ontwikkelingsmodelle maak gebruik van onderhoudvoering. Twee van die deelnemers maak ook gebruik van ander onderhoudvoering wat 'n kombinasie vorm van die genoemdes modelle. Deelnemers is van mening dat die totale funksionering van die kind ingesluit moet word by die assessering, onder andere:

**Maatskaplike funksionering** met betrekking tot:

- ontwikkelingsgeskiedenis,
- fisiese omstandighede,
- funksionering binne die gesin,
- verhoudings
- portuurgroep,
- funksionering binne skoolverband,
- funksionering in die gemeenskap

**Interne aspekte** soos:

- emosionele en kognitiewe ontwikkeling en –agterstande,
- waardes,
- norme,
- religie,
- selfbeeld,
- vermoëns,
- sterkpunte,
- potensiaal en
- moontlike neurlogiese beperkinge

Dit word deur een van die deelnemers opgesom as

> *" ...die totale en holistiese verkenning van die kind op mikro-, makro en mesovlak".*

Baker (2003:88) se siening dat assesseringspraktyk gerig moet wees op die assessering van die kind in die geheel en nie slegs beperk word tot die ouer-kind-verhouding nie, word deur Kerns (2008:366) ondersteun. Attach (2008:76-89) stipuleer ook dat die assessering van binding verskillende kontekste, soos die skool en portuurgroep, moet insluit.

Die drie deelnemers wat die eertydse **RP-model** in algemene kinderassessering benut, ag dit 'n waardevolle basis vir die assessering van binding. Al drie deelnemers bevestig dat hulle betroubare inligting verkry, maar dui leemtes aan ten opsigte van

*"meer tegnieke wat op binding fokus."*

Die **Ontwikkelingsassesseringsmodel ("Circle of Courage")** word deur drie deelnemers benut, waar een deelnemer aandui dat sy ooreenkomste vind tussen dié model en die bevindinge van die RP-model. 'n Derde deelnemer gebruik die model slegs by "ingewikkelde kinderhof-sake" (pleegsorgplasings) wat nie tradisionele "kinship"-plasings insluit nie. Laasgenoemde evalueer die model as:

> *"baie bruikbaar, sê baie oor binding, daar kan 'n totale wêreld oopgaan as jy hom net so gebruik met elke kind."*

Al die deelnemers maak gebruik van **projektiewe tegnieke** as deel van die onderhoud tydens die assessering van die kind. Projektiewe tegnieke wat algemeen voorkom en wyd benut word, is die mens- en gesinstekening, maanreisfantasie, wêreldkaart, vrye spel, gestruktureerde spel, roosboomtegniek (Gestalt) , grafiese gesinsbeelding en algemene spelterapie-tegnieke soos sandbak, klei, handpoppe en biblio-spel. Projeksies word as 'n waardevolle tegniek in die assessering van binding beskou, soos dit blyk uit die deelnemers se response:

> *"100% betroubaar, want dit is hoe die kind dit beleef"*
> *"Kry baie inligting uit projeksies, dit is meer betroubaar en met projeksies voel die kind nie dat hy inligting gee wat hy nie mag gee nie"*
> *"Baie waardevol, gee óf die behoefte weer wat die kind het óf dit wat hy beleef het."*

Die literatuur ondersteun die gebruik van bogenoemde tegnieke. Kagan (2004: 290-292) beskryf 'n sosio-emosionele assessering wat die benutting van projektiewe tegnieke, poppespel, tekeninge, wense, ekogram en tydlyn insluit. Brandell en Ringel (2007:109) dui die bruikbaarheid van die kinetiese gesinstekening, ongestruktureerde spel, huis-boom-persoon-tekening, poppespel en handpoppe aan. Hodges *et al.* (2003:353) noem poppespel en die gebruik van speelgoed-diere. Ràsuri (2004:10) verwys na studies oor die benutting van tegnieke deur onder andere Kaplan en Main (1985) oor gesinstekeninge en Solomon *et al.* (1999) se semi-gestruktureerde poppespel. Howe *et al.* (1999:35) stel die voorwaarde dat die projeksietegnieke verband moet hou met die tema *binding*.

Die kollektiewe gevolgtrekking waartoe al sewe deelnemers kom, is dat dit noodsaaklik is om 'n verskeidenheid tegnieke te benut ten einde die betroubaarheid

van inligting te verifieer. Brandell en Ringel (2007:109) konstateer ook die feit dat 'n verskeidenheid tegnieke tydens die assesseringsproses aangewend moet word.

Vir die navorser is die insluiting van 'n verskeidenheid tegnieke in die assessering van binding van kardinale belang, maar gekoppel aan die voorwaardes dat die verband van elke tegniek met binding duidelik gekonseptualiseer is en dat maatskaplike werkers opgelei moet wees om die data wat die tegnieke genereer, korrek binne die konteks van binding te interpreteer.

### *6.3.2.2 Die assessering van die versorger*

Die versorger se assessering geskied deur middel van onderhoude asook vraelyste. Binne die bekende assesseringsmodelle word riglyne vir onderhoude gegee maar die deelnemers maak ook gebruik van 'n kombinasie van die verskillende riglyne afhangende van die aard van die situasie. Die benutting van volwasse assessering binne die konteks van bindingsassessering is soos volg deur die deelnemers verantwoord:

**TABEL 5: ASSESSERING VAN DIE VERSORGER**

| Getal deelnemers | Aspekte van die versorger | Inhoud |
|---|---|---|
| 6 | Geskiedenis en huidige funksionering | Funksionering binne die huwelik, sosiaal, rolle, substansgebruik, geweld, trauma, ekonomiese klas en betrokkenheid by die kind |
| 6 | Interne eienskappe | Emosionele funksionering, ouerskap-vaardighede, dissiplineringsmetodes, vermoë om in kind se behoeftes te voorsien, intellek, persoonlikheidstipe, gemoedsversteurings, psigopatologie, selfbeeld, insig |
| 4 | Binding in die versorger se verlede | Ouer se eie bindingsgeskiedenis uit kinderjare |

Bostaande tabel illustreer dat die deelnemers 'n hoë premie plaas op die assessering van die versorger, alhoewel die klem en inhoud van die assessering verskil. Die enigste deelnemer wat van mening is dat die betrokkenheid van die ouer by die assesseringsproses geen waarde inhou nie, verduidelik dat sy terapeutiese dienste lewer en derhalwe op die kind se helingsproses fokus. Sy betrek wel soms die versorger vir doeleindes van verifiëring van inligting.

Die teoretiese begronding vir die insluiting van die assessering van die versorger word gemotiveer deur drie belangrike uitgangspunte. In die eerste plek word binding binne die omvattende raamwerk van ouerskap geassesseer, hetsy vir doeleindes van bewaringsake, statutêre ondersoeke of terapie (Schofield & Beek, 2006: 319; Condie, 2003: 5) aangesien bindingsekuriteit die gevolg is van 'n "dinamiese interaksie" tussen die interne werksmodel en die gehalte van die huidige bindingsverhouding (Bretherton & Munholland, 2008:102; Kobak 1999:30). Binding behoort binne die konteks van die huidige versorging geassesseer te word (Kobak & Madson, 2008:35; Sroufe, 2005:357). Schofield en Beek (2006:22) verwys na die "particular relationship environment" wat die kind se binding beïnvloed en wat beskou word as die "wortel" van bindingsgedrag.

In die tweede plek word die assessering van die versorgingsisteem deur George en Solomon (2008:850) by bindingsassessering ingesluit in die lig daarvan dat die doel van die versorgingsisteem (naamlik beskerming) verweef is met die sentrale konstruk *binding*, naamlik die versorger se bereidwilligheid en vermoë om beskerming aan die kind te bied.

In die derde plek dui navorsing die verband aan tussen die versorger se eie binding in sy verlede en sy huidige binding met sy kind (Hughes, 2004:275; Steele *et al.*, 2003:188) wat ook bekend staan as die "intergenerational transmission" van binding (Bretherton & Munholland, 2008:114; O'Hara, 2007:26). Hughes (2004:275) beskryf hoe die ouer se eie binding uit sy kinderjare, weer gestalte vind in sy verhouding met die kind. Pezzot-Pearce en Pearce (2004: 202) wys daarop dat dit derhalwe noodsaaklik is om nie alleen die ouer se huidige funksionering te assesseer nie, maar dat sy/haar kinderjare ook ondersoek moet word. Bogenoemde verband word treffend deur Gray (2002:95) geïllustreer: " ... a parent walks through a summary of his childhood while parenting".

Vier van die deelnemers dui 'n verband aan tussen die versorger se eie binding in sy verlede en die impak daarvan op sy binding en bindingsvermoë met die kind, deur die volgende verbatim-response as verwysing:

> *"As die ouer 'n oneffektiewe binding gehad het met sy eie ouers, dink ek nie hy is in staat om met sy eie kind sekuur te bind nie, die tendens herhaal homself"*
>
> *"..... geskiedenis kry van hoe is die ouers se binding met sy eie ouers, dit wat ek by die ouer kry, is elke keer wat ek by die kind kry"*

*"Gesin-van-oorsprong is belangrik. As jy as kind verwerp is en nie gebind het nie, hoe moet jy leer bind?"*

Die twee deelnemers wat nie die versorger se binding in sy eie verlede by die assesseringsproses insluit nie, motiveer dit aan die hand van 'n gebrek aan tyd en 'n groot werkslading. Een van die deelnemers beskryf haar assesseringsproses as "oppervlakkig" as gevolg van werksomstandighede buite haar beheer. Die realiteit hiervan word onderskryf deur O'Hara (2007:67) wat ook spesifiek verwys na die gebrek aan hulpbronne en tyd as 'n struikelblok in die weg van die assessering van volwasse binding.

Ander faktore in die versorger se milieu wat 'n invloed het op binding, is sosiale ondersteuning, die huweliksverhouding, ekonomiese status (Belsky & Fearon, 2008:307; Reder *et al.*, 2003:20-21) asook omgewingsfaktore, beskikbaarheid van hulpbronne en kultuuraspekte (Kagan, 2004:4; Condie, 2003:96). Hierdie aspekte word deur die meerderheid deelnemers by die assessering ingesluit. (Sien Tabel 4.)

Uit bostaande blyk dit dat die versorger se geskiedenis, huidige funksionering en interne eienskappe belangrike faktor is vir insluiting by die assessering van binding. Op grond van resente literatuur, en die ervarings van deelnemers, kom die navorser tot die gevolgtrekking dat die assessering van die versorger se binding in sy verlede 'n deurslaggewende faktor is by die assesseringsproses. Dit wil dus voorkom asof dit vir verskeie redes soos tyd en moontlik ook nie kennisbevoegdheid die aandag kry wat dit verdien nie. Die vraag ontstaan dus oor die effektiwiteit van die assesserings en die moontlike negatiewe gevolge vir die kind in hulle sorg.

#### *6.3.2.3 Waarneming*

Waarneming is tradisioneel 'n metode in die maatskaplikewerk-praktyk (Drotar & Crawford, 1987:343), maar daar is beperkte verwysings na dié metodes en tegnieke van waarneming wat tydens die assessering van binding benut kan word. Nell (2008), 'n maatskaplike werker wat tans navorsing doen oor waarneming by bindingsassessering, bevestig in 'n mededeling die leemte in die ontwikkeling van geldige tegnieke van waarneming.

Kerns *et al.* (2007:34) wys daarop dat die afname in bindingsgedrag van die middelkinderjare-kind die waarnemingsprosedure bemoeilik, maar outeurs soos Adrock (2001:82) en Kagan (2004:22) se sienswyse is dat waarneming van interaksiepatrone inligting voorsien ten opsigte van die gehalte van die binding.

Howe *et al.* (1999:178) meld dat " (i)nternal working models are played out in all aspects of behavior", wat dalk as beste motivering dien vir die insluiting van waarneming as assesseringsmetode.

Daar is aan die deelnemers gevra watter aspekte in die bindingsverhouding aan waarneming onderhewig is. Die kollektiewe lys van ses-en-twintig (26) items benadruk die belangrikheid van waarneming as metode by bindingsassessering, wat volgens die deelnemers onontbeerlik is. Aspekte wat waargeneem word, is onder andere:

| | |
|---|---|
| ▪ Emosionele reaksies van kind en versorger | ▪ Grense en intimiteit |
| ▪ Kommunikasie | ▪ Vertroue |
| ▪ Sensitiwiteit | ▪ Aanvaarding |
| ▪ Responsiwiteit | ▪ Behoeftebevrediging |
| | ▪ Gesag en beheer |

Die literatuur verskaf riglyne ten opsigte van die aspekte in die versorger-kind-dade wat waargeneem word. Nickerson (2002:32) verwys byvoorbeeld na die waarneming van emosionele beskikbaarheid van die versorger en sy/haar sensitiwiteit, responsiwiteit en intimiteit. Verder verwys Munns (2007:29) na beheer en gesag, asook na die gehalte van die verhouding, terwyl Howe *et al.* (1999:181-185) aspekte uitwys soos nie-verbale kommunikasie, sensitiwiteit en die beskikbaarheid van die versorger.

Beskikbaarheid, kommunikasie en responsiwiteit is volgens Kobak en Madsen (2008:32) die drie faktore wat die kind in staat stel om die bindingsfiguur te vertrou en binding in stand te hou. Die navorser postuleer dat aspekte soos emosionele reaksies, nie-verbale kommunikasie, sensitiwiteit, responsiwiteit, grense en intimiteit juis ingebed is in bogenoemde drie faktore, en dat dit hoofsaaklik deur middel van waarneming geïdentifiseer kan word Kagan (2004:22).

Bogenoemde sluit aan by Solomon en George (2008:383) se stelling dat: " ... security can never be directly observed, but must be inferred from what is observable". Hieruit word afgelei dat die gedrag van beide die kind en die bindingsfiguur as waardevolle kriteria dien by die bepaling van binding en dat die standaardisering van die waarnemingsprosedure 'n moontlikheid bied vir voortgesette navorsing.

Vir doeleindes van die studie word onderskeid getref tussen ongestruktureerde en gestruktureerde waarneming:

- **Ongestruktureerde waarneming**

Ongestruktureerde waarneming behels dat die maatskaplike werker in die kantoor of tydens 'n tuisbesoek die kind en versorger se reaksie op en interaksie met mekaar (informeel) waarneem. Al sewe deelnemers benut waarneming in die kantoor of wagkamer, wat hulle dan ook as waardevol bestempel. Deelnemers sal soms ook aan die kind speelgoed voorsien ten einde inligting van hom/haar in 'n ongestruktureerde situasie te bekom.

Vyf deelnemers benut tuiswaarneming as deel van die assesseringsproses, maar dit is vir twee van die deelnemers prakties onuitvoerbaar in hul huidige poste. Dit is interessant om daarop te let dat deelnemers tuiswaarneming nie slegs benut om die kind se fisiese omstandighede te assesseer nie, maar ook om inligting te bekom rakende die kind se reaksie binne sy gesin, milieu en omgewing.

Die studie toon dat ongestruktureerde waarneming (met spesifieke verwysing na tuisbesoeke) volgens die deelnemers waardevolle inligting kan oplewer. Die vraag ontstaan egter wat die waarde kan wees in die gebruik van 'n semi-gestruktureerde proses, soos afgelei uit Drotar en Crawford (1987:343) se siening dat tuiswaarneming in 'n mate gestruktureerd moet word "to answer questions about a child's or family's functioning". Die deelnemers beskik egter nie oor riglyne of gestruktureerde metodes waarvolgens tuiswaarnemings geskied nie.

- **Gestruktureerde waarneming**

Die RP-model (RP Opleiding, 2000:1) beskryf die Interaksionele Analise as 'n metode van gestruktureerde waarmening en definieer dit as "interaksies en gedrag van twee persone teenoor mekaar wat deur 'n derde professionele persoon waargeneem en geëvalueer word". Binne aangeduide model word die Interaksionele Analise benut as 'n kwalitatiewe metode van assessering van die ouer-kind-binding, waar die evaluering van die interaksies bepaal word deur die maatskaplike werker se vaardigheidsvlak, opleiding en interpretasie. Die metode bevat 'n lys kriteria wat die evalueringsproses rig. Soortgelyke kriteria is deur Fahlberg (1991:36) ontwikkel vir verskillende ouderdomsgroepe. Die Interaksionele Analise is nie 'n gestandaardiseerde meetinstrument nie, maar word in die praktyk as waardevol beskou (Aucamp, 2008; Holigrocki *et al.*, 1999:417). Blunden (2005:195) vind dat die metode meer betroubare inligting genereer as ander (assesserings-) metodes van binding.

Verkenning van die literatuur identifiseer die "Marschak Interactive Method"-model (MIM) wat riglyne gee waarvolgens die interaksiepatrone tussen die kind en sy versorger gestruktureerd waargeneem kan word (Jernberg & Booth, 2001:68; Munns, 2007:27) en binne 'n terapeutiese raamwerk toegepas kan word. Alhoewel die model nie 'n gestandaardiseerde meetinstrument is nie, weerspieël die inhoud belowende resultate vir moontlike toepassing tydens die assessering van binding in terapie. Volgens Nell (2008) se mededeling word tegnieke van die MIM in sommige maatskaplikewerk-praktyke in kombinasie met die Interaksionele Analise benut, en wel met positiewe resultate.

Drie deelnemers maak gebruik van Interaksionele Analise waarvolgens hulle aan die partye opdrag gee om sekere aktiwiteite uit te voer, waarna hulle die interaksiepatrone aan die hand van kriteria evalueer. Deelnemers se reaksie op 'n vraag oor die toepassing van die Interaksionele Analise sluit response in soos "onontbeerlik"; "net in gevalle waar daar meer as een party in 'n hofgeding betrokke is" en "waardevol by egskeidingsgedinge". Hieruit word afgelei dat gestruktureerde waarneming moontlik voordele inhou wanneer daar verantwoording gedoen moet word aan die hof.

Die siening dat gestruktureerde waarneming dikwels 'n onnatuurlike of kunsmatige situasie skep, word deur twee deelnemers ondersteun in hul onderskeie menings dat die versorger reeds gespanne is en dat persone geneig is om hul "beste voetjie te wil voorsit". Ten spyte hiervan, dui Drotar en Crawford (1987:346) aan dat daar steeds waardevolle inligting deur middel van waarneming verkry word. Ander deelnemers getuig dat die versorger se optrede juis waargeneem moet word terwyl dié onder spanning verkeer, en dat "disfunksionele gedrag sterker na vore kom onder spanning." Kritiek van deelnemers oor Interaksionele Analise is die gebrek aan riglyne en opleiding wat daarmee gepaard gaan. Diegene wat dit wel benut, wil graag baat vind by meer aktiwiteite en die "verfyning" van die tegniek. Een deelnemer meld dat gestruktureerde waarneming "praktiese moeite" is.

Samevattend dui die studie daarop dat, indien die Interaksionele Analise ten opsigte van tegniek, geldigheid en betroubaarheid uitgebrei kan word, dit die benuttingswaarde vir maatskaplike werkers verder sal ontsluit, veral binne die milieu van statutêre dienslewering.

### 6.3.3 Die kollaterale ondersoek

Ses van die deelnemers beskou 'n kollaterale ondersoek as belangrik, veral vir die verifiëring van ingesamelde data. Inligting wat uit die gemeenskap ingewin word en van ander professionele persone verkry word, is belangrike prioriteite by die assesseringsproses. Vyf deelnemers bekom skoolverslae en dit is insiggewend dat vier deelnemers die moeite doen om die kind se skool te besoek. Outeurs soos (Pezzot-Pearce & Pearce, 2004:242; Howe *et al.*, 1999:82) onderskryf die belangrikheid van 'n kollaterale ondersoek in die assesseringsproses.

Vir die navorser lê die sinvolheid van 'n kollaterale ondersoek opgesluit in die feit dat die studie daarop dui dat bindingsassessering op alle vlakke moet geskied. Nie alleen kan ander metodes en die betroubaarheid van tegnieke geverifieer word nie, maar die algehele funksionering van die kind (soos sy funksionering in die gemeenskap en portuurgroep) kan onmoontlik in afsondering van kollaterale bronne geskied.

### 6.3.4 Struikelblokke by die assessering van binding

Alhoewel daar beperkte navorsing in Suid-Afrika gedoen is oor binding in die middelkinderjare (Corrie, 2003:146), sluit die deelnemers aan by die sienswyse van Blunden (2005:90) en Attach (2008:76) dat maatskaplike werkers kultuurverskille in ag moet neem by die assessering van binding. Volgens Van Ijzendoorn en Sagi-Schwartz (2008:881) is bindingsteorie universeel, maar die konteks van kultuur speel 'n belangrike rol. Slegs een studie kon opgespoor word wat betrekking het op die assessering van binding onder 'n swart populasie in Suid-Afrika (Van Ijzendoorn & Sagi-Schwartz, 2008:887).

Ander vername struikelblokke wat deelnemers identifiseer, is die gebrek aan tyd, fondse en mannekrag en die gebrek aan opleiding in en assesseringsmetodes vir binding. Die navorser voorspel dat die ontwikkeling van 'n doeltreffende model vir die assessering van binding die gebrek aan opleiding en tegnieke uit die weg kan ruim. Die insluiting van gestandaardiseerde skale by die assesseringsproses sal nie alleen tyd bespaar nie, maar ook die wetenskaplikheid van assesseringsbevindinge verhoog en daardeur die maatskaplike werker se bevoegdheid as deskundige in die hof verdedig (Pezzot-Pearce & Pearce, 2004:314).

Alhoewel 'n voorgestelde assesseringsmodel nie noodwendig die gebrek aan mannekrag en fondse kan oorbrug nie, kan 'n model struktuur verleen aan die verwagte proses, stappe en uitkomste van 'n assessering, waarvolgens die

gepaardgaande koste per assessering bereken kan word. Aangesien die studie daarop dui dat bindingsassessering 'n intensiewe proses is, is dit 'n moontlike oplossing vir organisasies om sleutelposte ten opsigte van die assessering van binding toe te wys aan een of twee opgeleide maatskaplike werkers, terwyl ander maatskaplike werkers binne die organisasie vrygestel word van lukrake, ongestruktureerde assesserings wat gepaard met 'n vol werkslading hanteer moet word.

## 7. GEVOLGTREKKING

In die voorafgaande studie is ondersoek ingestel na die bruikbaarheid van bestaande modelle vir die assessering van binding tussen die middelkinderjare-kind en sy versorger. Sewe maatskaplike werkers, wat in uiteenlopende werkterreine in Bloemfontein werksaam is, se assesseringspraktyke is deur middel van 'n kwalitatiewe studie ondersoek en aan die hand van resente literatuur geëvalueer. 'n Hoë benuttingspersentasie van bindingsassessering is gevind in werkterreine soos statutêre intervensie, plasings van kinders in alternatiewe sorg en terapie. Die studie beklemtoon voorts 'n praktykbehoefte aan gestandaardiseerde skale vir die assessering van binding, veral in gevalle waar maatskaplike werkers in die hof moet rekenskap gee van hul bevindinge.

Binding word beskou as die fondament vir die kind se voortgesette ontwikkeling en sosiale verhoudings. Bindingsekuriteit bemagtig die kind om probleme in die lewe te kan hanteer, en voorsiening in die kind se fisiese en emosionele behoeftes word as noodsaaklik beskou vir die vestiging en handhawing van binding.

Die studie toon konsensus ten opsigte van die aanname dat die moeder- en vaderfiguur as die primêre versorger beskou word, maar dat ander familielede (grootouers, ouer sibbe) in die Suid-Afrikaanse konteks, ook die rol van versorger kan inneem. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat die ontwikkeling van 'n inheemse model vir die assessering van binding in Suid-Afrika 'n groot uitdaging stel aan maatskaplike werkers.

Die studie in Bloemfontein toon dat deelnemers 'n kwalitatiewe benadering tot die assessering van binding volg. Soortgelyke assesseringsmetodes word deur die literatuur ondersteun, naamlik:

- *'n Holistiese assessering van die kind,* met 'n verskeidenheid tegnieke wat benut word met die oog op verifiëring. Die navorser se aanbeveling is dat tegnieke 'n duidelike verband met binding moet toon en dat die hele leefwêreld van die kind ingesluit moet word. Die studie toon die belangrikheid

daarvan dat maatskaplike werkers oor kennis moet beskik oor die middelkinderjare-kind se ontwikkeling op alle gebiede (emosioneel, sosiaal, kognitief) en die implikasie daarvan vir die assessering van binding.

- *Assessering van die versorger: dit is* gegrond op die bevinding dat kennis van die binding in die versorger se verlede en huidige funksionering noodsaaklike inligting kan verskaf oor die aard van die binding tussen die versorger en die kind.
- *Waarneming van die interaksie tussen die kind en die versorger:* alhoewel die middelkinderjare-kind se bindingsgedrag afneem en waarneming daardeur bemoeilik word, verskaf gestruktureerde en ongestruktureerde waarneming van die interaksie tussen die kind en sy versorger waardevolle inligting oor die gehalte van die binding tussen hulle. Die waarneming van interaksiepatrone van die handelinge (van sowel die versorger as die kind) sluit onder meer die waarneming in van nie-verbale kommunikasie, emosionele reaksies, responsiwiteit, sensitiwiteit, intimiteit en vertroue. Die studie onderskryf die belangrikheid van opleiding in gestruktureerde waarnemingstegnieke, en dit kan die weg baan vir voortgesette navorsing.
- *Kollaterale ondersoek:* dit beklemtoon die noodsaaklikheid van 'n holistiese assesseringsproses. Die bevindinge dui daarop dat die kind in die middelkinderjare se skoolfunksionering en ook aanpassing by die portuurgroep belangrike faktore is wat by die assesseringsproses ingesluit behoort te word.

Een van die insiggewende bevindinge van die studie is die feit dat 'n verskeidenheid assesseringskale in die buiteland beskikbaar is, maar nie deur maatskaplike werkers hier te lande aangewend word nie. Die betroubaarheid van die skale word in die literatuur positief geëvalueer, maar 'n behoefte aan verdere geldigheidstoetsing is aangedui. In Suid-Afrika is daar egter geen gestandaardiseerde meetinstrumente vir die assessering van binding beskikbaar nie.

Tydens die studie is verskeie struikelblokke in die weg van assessering van binding geïdentifiseer, soos die gebrek aan opleiding, tegnieke, tyd en mannekrag. Die navorser maak die aanname dat die ontwikkeling van 'n doeltreffende assesseringsmodel moontlik oplossings kan bied. Die wetenskaplikheid van sodanige model kan verhoog word deur die ontwikkeling en insluiting van gestandaardiseerde skale vir die middelkinderjare-kind in Suid-Afrika.

'n Verdere punt wat bespreking regverdig, is die behoefte aan 'n inheemse assesseringsmodel vir Suid-Afrika. Bindingsteorie is universeel van toepassing, maar die kind se kultuur voorsien die konteks waarbinne en wyse waarop die bindingsteorie toegepas moet word.

Ten slotte moet daar egter beklemtoon word dat die assessering van binding 'n intensiewe proses is wat gespesialiseerde opleiding verg.

## 8. HIPOTESES WAT AS RIGLYNE KAN DIEN

Die doel van die beperkte kwalitatiewe studie is bereik deurdat die ondersoek na en doeltreffendheid van beskikbare praktykmodelle vir die assessering van binding tussen die middelkinderjare-kind en sy versorger, hipoteses/riglyne kon oplewer vir die ontwikkeling van 'n doeltreffende assesseringspraktyk. Die hipoteses vereis egter verdere navorsing voordat dit in die maatskaplikewerk-praktyk aanvaar kan word. Die hipoteses/riglyne word aangebied op grond van geïdentifiseerde praktykbehoeftes, maar met inagneming van Suid-Afrika se unieke maatskaplike en kulturele konteks:

- **Die assessering van binding in die praktyk**

Maatskaplike werkers wat gemoeid is met die assessering van binding kan baat vind by die ontwikkeling van 'n holistiese assesseringsmodel wat die kwalitatiewe en kwantitatiewe benadering tot assessering kombineer deur die ontwikkeling van gestandaardiseerde assesseringskale vir die middelkinderjare. Die ontwikkelingsmoontlikhede vir sodanige skale is legio, aangesien skale benodig word vir die assessering van die kind, die assessering van die versorger en die standaardisering van waarnemingstegnieke.

Ander (kwalitatiewe) tegnieke wat reeds in die buiteland ontwikkel is, kan ontgin en aangepas word vir inheemse gebruik, met dien verstande dat 'n verskeidenheid metodes en tegnieke in die model vervat word ten einde buigsaamheid en bruikbaarheid op verskillende werkterrein te verseker.

- **Riglyne ten opsigte van teorie**

'n Doeltreffende assesseringsmodel moet op die teorie van binding gefundeerd wees en uit empiriese navorsing voortvloei. Die ontwikkeling van skale of tegnieke moet die duidelike konseptualisering van bindingskonstrukte voorafgaan.

- **Riglyne ten opsigte van opleiding**

Die implementering van 'n voorgestelde assesseringsmodel sal noodwendig met die nodige (nagraadse) opleiding gepaard moet gaan. Opleiding sal nie alleen op die bemeestering van tegnieke kan fokus nie, maar ook die teorie van binding en die ontwikkelingstake van die middelkinderjare onder die loep moet neem.

- **Riglyne ten opsigte van voortgesette navorsing**

Maatskaplike werkers word aangemoedig om verdere navorsing op die terrein van bindingsassessering te onderneem, veral ten opsigte van gestandaardiseerde waarnemingsmetodes en -tegnieke en die ontwikkeling van gestandaardiseerde assesseringskale vir kinder- en volwasse binding.

## BRONNELYS

ADCOCK, M. 2001. The Core Assessment Process. (*In* Horwath, J., *ed.* The Child's World: Assessing Children in Need. London: Jessica Kingsley Publishers. p. 75-97.)

AMMANITI, M., SPERANZA, A. M. & FEDELE. 2005. Attachment in Infancy and Early and Late Childhood. (*In* Kerns, K.A. & Richardson, R.A., *eds.* Attachment in Middle Childhood. New York: Guilford Press. p. 115- 136.)

ATTACh. 2008. Attachment Disorder information and support at ATTACh.com. http://www.attach.org/apsac.htm Datum van gebruik: 17 Febr. 2008.

AUCAMP, L. 2008. Mondelinge medeling aan outeur. Bloemfontein. Direkteur en opleier, Rapha Kliniek, Pretoria.

BAKER, T. 2003. What is the relevance of attachment to parenting assessments. (*In* Reder, P., Duncan, S., Lucey, C., *eds.* Studies in the assessment of parenting. East Sussex: Brunner-Routledge. p 75-89.)

BELSKY, J. & FEARON, R.M.P. 2008. Precursors of Attachment Security. (*In* Cassidy, J. & Shaver, P.R., *eds.* Handbook of Attachment: Theory, Research, and Clinical Applications. 2nd ed. New York: Guilford Press. p. 295-316.)

BENNET, S. (bennetts@cua.edu) 31 Mar. 2008. Attachment research: standarised scales. E-pos aan: Joubert, H. (heidi@bfn.co.za).

BLUNDEN, C. 2005. 'n Bindingsprogram vir verwante, enkelouerpleegmoeders en pleegkinders. Pretoria: Universiteit van Pretoria (Tesis - D.Phil) http://upetd.up.ac.3a/available Datum van gebruik: 2 Apr. 2007.

BOWLBY, J. 1979/1988. The Making and Braking of Affectional Bonds. Routledge: London. 212p.

BRANDELL, J.R. & RINGEL, S. 2007. Attachment and Dynamic Practice: An Integrative Guide for Social Workers and Other Clinicians. New York: Columbia University Press. 208 p.

BRETHERTON, I. & MUNHOLLAND, K. A. 2008. Internal Working Models in Attachment Relationships: Elaborating a Central Construct in Attachment Theory. (*In* Cassidy, J. & Shaver, P.R., *eds.* Handbook of Attachment: Theory, Research, and Clinical Applications. 2nd ed. New York: Guilford Press. p. 102- 127.)

BYRNE, J.G., O'CONNOR, T.G., MARVIN, R.S. & WHELAN, W.F. 2005. Practitioner review: the contribution of attachment theory to child custody assessments. *Journal of Child Psychology and Psychiatry*, 46(2):115-127. Available: SAePublications.

CLIFFORD-POSTON, A. 2005. Tweens: What to expect and how to survive your child's pre-teen years. Oxford: One World Publications. p 210.

CONDIE, L.O. 2003. Parenting Evaluations for the Court: Care and Protection Matters. New York: Kluwer Academic/ Plenum Publishers. 400p.

CORRIE, L. 2003. Attachment in the stepfamily: a social work perspective. Stellenbosch: University of Stellenbosch. (Dissertation – D.Phil.) 309 p.

CRITTENDEN, P.M., CLAUSSEN, A.H. & KOZLOWSKA, K. 2007. Choosing a Valid assessment of Attachment for Clinical Use: A Comparative Study. *Australian & New Zealand Journal of Family Therapy,* 28(2):78-87. Available: SAePublications.

DE VOS, A.S. 2005. Qualitative data analysis and interpretation. (*In* De Vos, A.S., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *eds.* Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 333-349.)

DIENER, M. L., RUSSELL, A. I. & BEHUNIN, M. G. 2008. Attachment to mothers and fathers during Middle Childhood: Associations with Child Gender, Grade, and Competence. *Social Development,* 17(1):84-101. Available: SAePublications.

DROTAR, P. & CRAWFORD, P. 1987. Using Home Observation in the Clinical Assessment of Children. *Journal of Clinical Child Psychology,* 16(4):342-349. Available: SAePublications.

FAHLBERG, V.I. 1991. A Child's Journey through Placement. Indianapolis: Perspective Press. 375p.

FERREIRA, S.B. 1999. Maatskaplikewerknavorsing. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat. 122 p.

FOUCHé, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2005. Introduction to the research process. (*In* De Vos, A.S., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *eds.* Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p.71-85.)

GEORGE, C. & SOLOMON, J. 2008. The Caregiving System: A Behavioral Systems Approach to Parenting. (*In* Cassidy, J. & Shaver, P.R., *eds.* Handbook of Attachment: Theory, Research, and Clinical Applications. 2nd ed. New York: Guilford Press. p. 833- 856.)

GRANOT, D. & MAYSELESS, O. 2001. Attachment security and adjustment to school in middle childhood. *International Journal of Behavioral Development,* 25(6):530- 541. Available: SAePublications.

GRAY, D.D. 2002. Attaching in Adoption: Practical Tools for Today's Parents. Indianapolis, USA: Perspective Press. 390p.

GREEFF, M. 2005. Information collection: Interviewing. (*In* De Vos , A.S., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *eds.* Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 286-313.)

HAN, W., LEVENTHAL, T. & LINVER, M.R. 2004. The Home Observation for Measurement of the Environment (HOME) in Middle Childhood: A Study of Large Scale Data Sets. *Parenting: Science and Practice,* 4(2)(3):189-210. Apr.- Sept. Available: SAePublications.

HANEKOM, A. J. 2008. Mondelinge mededeling aan outeur. Potcheftroom. Direkteur, Perspektief Kollege, Potchefstroom.

HAROLD, G. T. & HAY, D.F. 2005. Normal development in middle childhood. *Psychiatry,* 4(6): 3-5. Available: SAePublications.

HESSE, E. 2008. The Adult Attachment Interview: Protocol, Method of Analysis, and Empirical Studies. (*In* Cassidy, J. & Shaver, P.R., *eds.* Handbook of Attachment: Theory, Research, and Clinical Applications. 2nd ed. New York: Guilford Press. p. 599-634.)

HODGES, J., STEELE, M., HILLMAN, S. & HENDERSON, K. 2003. Changes in Attachment Representations over the First Year of Adoptive Placement: Narratives of Maltreated Children. 8(3):352-367. Available: SAePublications.

HOLLAND, S. 2004. Child and Family Assessment in Social Work Practice. London: Sage. 176p.

HOLIGROCKI, R. J., KAMINSKI, P. L. & FRIESWYK, S.H. 1999. Introduction to the Parent-Child Interaction Assessment. *Bulletin of the Menninger Clinic,* 63(5):413-427. Summer. Available:

HOWE, D., BRANDON, M., HININGS, D. & SCHOFIELD, G. 1999. Attachment theory, child maltreatment and family support: a practice and assessment model. Hampshire: Palgrave. 312 p.

HOWE, D. 2001. Attachment. (*In* Horwath, J., *ed.* The Child's World: Assessing Children in Need. London: Jessica Kingsley Publishers. p194-206.)

HUGHES, D. 2004. An Attachment-Based treatment of maltreated children and young people. *Attachment & Human Development*, 6(3):263-278. Available: SAePublications.

JERNBERG, A. M. & BOOTH, P.B. 2001. Theraplay: Helping Parents and Children Build Better Relationships through Attachment-Based Play. 2nd ed. San-Francisco: John Wiley & Sons. 434p.

JUFFER, F., BAKERMANS-KRANENBURG, M.J. & VAN IJZENDOORN, M.H. 2007. Promoting Positive Parenting: An Introduction. (*In* Juffer, F., Bakermans-Kranenburg, M.J. & Van Ijzendoorn, M.H., *eds*. Promoting Positive Parenting: An Attachment-Based Intervention. USA: Taylor & Francis. p.1-9.)

KAGAN, R. 2004. Rebuilding Attachments with Traumatized children: Healing from Losses, Violence, Abuse and Neglect. New York: The Haworth Maltreatment and Trauma Press. 374p.

KERNS, K. A., SCHLEGELMILCH, A., MORGAN, T.A. & ABRAHAM, M.M. 2005. Assessing Attachment in Middle Childhood. (*In* Kerns, K.A. & Richardson, R.A., *eds*. Attachment in Middle Childhood. New York: Guilford Press. p 47-70.)

KERNS, K. A., ABRAHAM, M.M., SCHLEGELMILCH, A. & MORGAN, T.A. 2007. Mother-child attachment in later middle childhood: assessment approaches and associates with mood and emotion regulation. *Attachment and Human Development*, 9(1):33-53, Mar. Available: SAePublications.

KERNS, K. A 2008. Attachment in Middle Childhood. (*In* Cassidy, J. & Shaver, P.R., *eds*. Handbook of Attachment: Theory, Research, and Clinical Applications. 2nd ed. New York: Guilford Press. p 366- 382.)

KOBAK, R. 1999. The Emotional Dynamics of Disruptions in Attachment Relationships. (*In* Cassidy, J. & Shaver, P.R., *eds*. Handbook of Attachment: Theory, Research, and Clinical Applications. New York: Guilford Press. p 21- 43.)

KOBAK, R. & MADSEN, S. 2008. Disruptions in Attachment Bonds: Implications for Theory, Research, and Clinical Intervention. (*In* Cassidy, J. & Shaver, P.R., *eds*. Handbook of Attachment: Theory, Research, and Clinical Applications. 2nd ed. New York: Guilford Press. p. 23- 47.)

LEIBOWITZ, J., RAMOS-MARCUSE, F. & ARSENIO, W.F. 2002. Parent-child emotion, communication, attachment, and affective narratives. *Attachment and Human Development*, 4(1):55-67.

LITZ, J. A.B. 2007. Measuring Attachment Security in Middle Childhood: Connections to Behavior, Adjustment, School Adaption, and Social Skills. (Dissertation – D. Phil.) Fresno: California State University. 80p.

LOUW, D.A., SCHOEMAN, W.J., VAN EDE, D.M. & WAIT, J. 1990. Die middelkinderjare. (*In* Louw, D.A. *ed.* Menslike Ontwikkeling. Pretoria: HAUM-Tersiêr. p. 325- 388.)

LYONS-RUTH, K. & JACOBVITZ, D. 2008. Attachment Disorganization: Generic Factors, Parenting Contexts, and Developmental Transformation from Infancy to Adulthood. (*In* Cassidy, J. & Shaver, P.R., *eds.* Handbook of Attachment: Theory, Research, and Clinical Applications. 2nd ed. New York: Guilford Press. p. 666- 697.)

MARVIN, R. S. & BRITNER, P.A. 2008. Normative Development: The Ontogeny of Attachment. (*In* Cassidy, J. & Shaver, P.R., *eds.* Handbook of Attachment: Theory, Research, and Clinical Applications. 2nd ed. New York: Guilford Press. p. 269- 294.)

MENON, M. 2008. Attachment in Preadolescence: consequence or cause of a child's perception of parenting. Florida Atlantic University: The Charles & Schmidt College of Science (Dissertation – D. Phil) 89 p. Available: Proquest

MHLANGA, D. 2008. (dudum@sacssp.co.za) 21 Aug. 2008. Navraag oor ekometriese assesseringskale. E-pos aan: Joubert, H. (heidi@bfn.co.za).

MUNNS, E. *ed.* 2007. Theraplay: Innovations in Attachment-Enhancing Play Therapy. Maryland, USA: Rowman & Littlefield. 388p.

NELL, L. 2008. (kaleido@mailbox.co.za) 25 Aug. 2008. Interaksionele Analise. E-pos aan: Joubert, H. (heidi@bfn.co.za).

NELSON, J. K. & BENNET, C. S. 2008. Introduction: A special issue on attachment. *Clinical Social Work Journal,* 36:3-7. Available: EBSCOHost.

NICKERSON, A. B. 2002. Parent and Peer Attachment in Middle Childhood and Early Adolescence: Implications for Psychological well-being. University of South Carolina: Dept of Psychology. (Dissertation – D.Phil.) 160p. Available: Proquest.

NILSEN, W. J. 2003. Perceptions of attachment in academia and the child welfare system: the gap between research and reality. *Attachment & Human Development,* 5(3):303-306. Available: SAePublications.

O'HARA, M. 2007. Psycholinguistic textual correlates and classifying the Adult Attachment Interview: A tool for foster care and adoption communities. (Dissertation

– D.Phil.) The New School for Social Research of the New School. 107p. Available: Proquest.

ORLANS, M. & LEVY, T.M. 2006. Healing Parents: Helping Wounded Children Learn to Trust and Love. Washington: Child Welfare League of America Inc. 304p.

PEZZOT-PEARCE, T. D. & PEARCE, J. 2004. Parenting Assessments in Child Welfare Cases: A Practical Guide. Canada: University of Toronto Press. 398p.

POTGIETER, R. 2006 (a). Mondelinge mededeling aan outeur. Pretoria.

POTGIETER, R. 2006(b). Child attachment: assessment and therapy. Pretoria. [PowerPoint presentation].

PRIOR, V. & GLASER, D. 2006. Understanding Attachment and Attachment Disorders: Theory, Evidence and Practice. London: Jessica Kingsley Publications. 285p.

RAZURI, E. B. 2007. Attachment Disruptions and Attachment Representations in at-risk adopted children. (Dissertation – D. Phil) Texas: Christian University, College of Science and Engineering. 65p. Available: Proquest.

REDER, P., DUNCAN, S. & LUCEY, C. 2003. What principles guide parenting assessments? (*In* Reder, P., Duncan, S. & Lucey, C., *eds.* Studies in the Assessment of Parenting. East Sussex: Brunner-Routledge. p. 3-26.)

RP OPLEIDING (Reaction in Play). 2000. Studiegids Kliniese Kinderassessering. Pretoria. Module 1-9.

RP OPLEIDING (Reaction in Play). 2001. Studiegids Gestruktureerde Spelterapie. Pretoria. Module 1-8.

SCHOFIELD, G. & BEEK, M. 2006. Attachment handbook for foster care and adoption. London: British Association for Adoption & Fostering. 450p.

SMITH, J.A. & OSBORN, M. 2003. Interpretative phenomenological analysis. (*In* Smith, J.A., *ed.* Qualitative Psychology: A Practical Guide to Research Methods, 2nd ed. Sage Publications. p. 51-80.)

SOLOMON, J. & GEORGE, C. 2008. The Measurement of Attachment Security and Related Constructs in Infancy and Early Childhood. (*In* Cassidy, J. & Shaver, P.R., *eds.* Handbook of Attachment: Theory, Research, and Clinical Applications. 2nd ed. New York: Guilford Press. p. 383 – 409.)

SOUTH AFRICAN QUALIFICATION AUTHORITY. 2008. Participate in a developmental assessment. http://fqas.saqa.org.za/showUnitStandard Datum van gebruik: 4 Okt. 2008.

SROUFE, L.A. 2005. Attachment and development: A prospective, longitudinal study from birth to adulthood. *Attachment and Human Development*, 7(4):349-367.

STEELE, M., HODGES, J., KANIUK, J., HILLMAN, S. & HENDERSON, K. 2003. Attachment Representations and Adoption: Associations between maternal states of mind and emotion narratives in previously maltreated children. *Journal child psychotherapy*, 29(2):187-205. http//www.tandf.co.uk/journals

STEWARD, D.S. & O'DAY, K. 2000. Permanency Planning and Attachment: A Guide for Agency Practice. (*In* Levy, T.M., *ed.* Handbook of Attachment Interventions. London: Academic Press. p. 147-167.)

STRYDOM, H. 2005. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. (*In* De Vos, A.S., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L., *eds.* Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 2nd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 56- 70.)

THOMPSON, R.A. 2008. Early Attachment and Later Development: Familiar Questions, New Answers. (*In* Cassidy, J. & Shaver, P.R., *eds.* Handbook of Attachment: Theory, Research, and Clinical Applications. 2nd ed. New York: Guilford Press. p. 348- 365.)

VAN IJZENDOORN, M.H. & SAGI-SCHWARTZ, A. 2008. Cross-Cultural Patterns of Attachment: Universal and Contextual Dimensions. (*In* Cassidy, J. & Shaver, P.R., *eds.* Handbook of Attachment: Theory, Research, and Clinical Applications. 2nd ed. New York: Guilford Press. p. 880- 905.)

WEINFIELD, N.S., SROUFE, L.A., EGELAND, B. & CARLSON, E. 2008. Individual Differences in Infant- Caregiver Attachment: Conceptual and Empirical Aspects of Security. (*In* Cassidy, J. & Shaver, P.R., *eds.* Handbook of Attachment: Theory, Research, and Clinical Applications. 2nd ed. New York: Guilford Press. p. 78- 101.)

ZUCKERMAN, G.A. 2007. School student's age ten to twelve: a 'no-man's land' in Development Psychology. *Journal of Russian and East European Psychology*, 45(3):70-93, May. Available: SAePublications.

# AFDELING B: ADDENDUMS

# ADDENDUM 1: SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDSKEDULE

**AFDELING A:**

**BESONDERHEDE VAN DEELNEMERS**

**A1: Kwalifikasies in Maatskaplike Werk:**

| | |
|---|---|
| Voorgraadse Kwalifikasies | |
| Nagraadse Kwalifikasies | |
| Ander relevante kwalifikasies | |

**A2: Werkgewer**

| Welsynsorganisasie | Departement Maatskaplike Ontwikkeling | Tersiêre instelling: (UVS) | Privaat praktyk | Vrystaat Jeugsorgsentrum | Raadgewer: Gesinsadvokaat |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | |

**A3: Jare ondervinding as maatskaplike werker**

| 0-3 JAAR | 4-6 JAAR | 7-10 JAAR | 10 JAAR + |
|---|---|---|---|
| | | | |

**A4: Opleiding in binding/bindingsaspekte tussen versorger en kind**

| FORMEEL (GRAAD, DIPLOMA, SERTIFIKAAT) | INFORMEEL (INDIENSOPLEIDING, SUPERVISIE, EIE NASLAANWERK) | GEEN |
|---|---|---|
| | | |

**A5: Assessering van binding tussen versorger en kind in middelkindjare**
**A5.1**

| BENUT IN HUIDIGE PRAKTYK | % VAN ASSESSERING TEENOOR ANDER TAKE |
|---|---|
| | |

**OF**

**A5.2**

| BENUT NIE IN HUIDIGE PRAKTYK | REDE |
|---|---|
| | |

**AFDELING B:**

(Hierdie vrae het ten doel om inligting te bekom ten opsigte van die assessering van binding tussen die middelkinderjare-kind en sy versorgers)

1. Wat verstaan u onder / met die term ***bindingsassessering*** binne maatskaplike werk?

2. Watter benadering tot meting behoort na u mening gevolg te word in die assessering van binding?

3. Verduidelik asseblief watter proses / werkswyse u benut om binding te assesseer:

4. Wat ondervind u as die leemtes / struikelblokke ten opsigte van die assessering van binding?

5. Van watter ander tegnieke maak u in die praktyk gebruik of dra u kennis van: interaksionele analise, projeksies ens:

6. Gee asseblief u mening oor die bruikbaarheid van die vermelde tegnieke:

7. Watter aspekte behoort na u mening in 'n assesseringsmodel vervat te word?

8. Is daar enige ander inligting of van u ervarings wat nie in die voorafgaande gedek is nie wat u met die navorser wil deel?

**Opregte dank vir u deelname.**

# ADDENDUM 2: BRIEF VAN EKSTERNE KODEERDER

UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
UNIVERSITY OF THE FREE STATE
YUNIVESITHI YA FREISTATA

**Departement Maatskaplike Werk**
**Department of Social Work**

Verwysing / Reference. . . . . . . ....... . .... ..

4 September 2008

Die Etiese Komitee
Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Noordwes Universiteit
Potchefstroomkampus
Potchefstroom
2531

Geagte Voorsitter en komiteelede

ARTIKEL: DIE EFFEKTIWITEIT VAN ASSESSERINGSKALE IN DIE BEPALING VAN BINDING TUSSEN DIE MIDDELKINDERJARE-KIND EN SY VERSORGER.

Hiermee word bevestig dat die verwerking van data vanuit bogenoemde ondersoek van me **Heidi Joubert (studenenommer: 20465092)** deur my gekontroleer is en dat die afleidings wat daarop volg as geldig beskou kan word. Die navorser het gebruik gemaak van wat bekend is as oop kodering waartydens van 'n induktiewe proses gebruik gemaak is

Vriendelike groete.

Dr. Sandra B. Ferreira
SENIOR LEKTOR

UV 34, I- 339, BLOEMFONTEIN 9300, REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA / REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
☎ +27 (0)51 401 2325 ... +27 (0)51 401 3581 web: http://www.ufs.ac.za/sw

# ADDENDUM 3: VOORSKRIFTE AAN OUTEURS

The Journal publishes articles, short communications, book reviews and commentary on articles already published from any field of social work. Contributions relevant to social work from other disciplines will also be considered. Contributions may be written in English or Afrikaans. All contributions will be critically reviewed by at least two referees on whose advice contributions will be accepted or rejected by the editorial committee. All refereeing is strictly confidential. Manuscripts may be returned to the authors if extensive revision is required or if the style or presentation does not conform to the Journal practice. Commentary on articles already published in the Journal must be submitted with appropriate captions, the name(s) and addressees) of the author(s) and preferably not exceed 5 pages. The whole manuscript plus one clear copy as well as a diskette with all the text, preferably in MS Windows (Word or WordPerfect) or ASCII must be submitted. Manuscripts must be typed double spaced on one side of A4 paper only. Use the Harvard system for references. Short references in the text: When word-for-word quotations, facts or arguments from other sources are cited, the surname(s) of the author(s), year of publication and page number(s) must appear in parenthesis in the text, e.g. "..." (Berger 1967:12). More details about sources referred to in the text should appear at the end of the manuscript under the caption "References". The sources must be arranged alphabetically according to the surnames of the authors. Note the use of capitals and punctuation marks in the following examples.

Die Tydskrif publiseer artikels, kort mededelings, boekbesprekings en kommentaar op reeds gepubliseerde artikels uit enige gebied van die maatskaplike werk asook relevante bydraes uit ander dissiplines. Bydraes mag op Afrikaans of Engels geskryf word. Artikels op Afrikaans moet vergesel wees van 'n Engelse opsomming van ongeveer 200 woorde. Alle bydraes sal krities deur ten minste twee keurders beoordeel word. Beoordeling is streng vertroulik. Manuskripte sal na die outeurs teruggestuur word indien ingrypende hersiening vereis word of indien die styl nie ooreenstem met die tydskrif se standaard nie. Kommentaar op artikels wat in die Tydskrif gepubliseer is, meet van toepaslike titels, die naam(name) en adres(se) van die outeur(s) voorsien wees en verkieslik nie langer as 5 bladsye wees niee. 'n Disket met die hele teks, verkieslik in MS Windows (Word of WordPerfect) of ASCII moet die hele manuskrip en een duidelike kopie daarvan vergesel. Manuskripte moet slegs op een kant van die bladsy in dubbelspasiëring getik word. Verwysings moet volgens die Harvard-stelsel geskied. Verwysings in die teks: Wanneer woordelikse sitate, feite of argumente uit ander bronne gesiteer word, moet die van(ne) van die outeur(s), jaar van publikasie, en bladsynommers tussen hakies in die teks verskyn, bv.

"..." (Berger, 1967:12). Meer besonderhede omtrent bronne moet alfabeties volgens die vanne van die outeurs aan die einde van die manuskrip onder die opskrif "Bibliografie" verskyn. Let op die gebruik van hoofletters en leestekens by die volgende voorbeelde.

TWO AUTHORS/TWEE OUTEURS: SHEAFOR, BW & JENKINS, LE 1982. Quality field instruction in social work. Program Development and Maintenance. New York: Longman.

COLLECTION/BUNDEL ARTIKELS: MIDDLEMAN, RR & RHODES, GB (eds) 1985. Competent supervision, making imaginative judgements. New Jersey: Prentice-Hall.

ARTICLE IN COLLECTION/ARTIKEL IN BUNDEL: DURKHEIM, E 1977. On education and society. In: KARARABEL, J & HALSEY, AH (eds) Power and ideology in education. New York: Oxford University Press.

JOURNAL ARTICLE/ARTIKEL IN TYDSKRIF: BERNSTEIN, A 1991. Social work and a new South Africa: Can social workers meet the challenge? Social Work/Maatskaplike Werk, 27(3/4):222-231.

THESIS/TESIS: EHLERS, DMM 1987. Die gebruik van statistiese tegnieke vir die ontleding van gegewens in matskaplikewerk-navorsing. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (M tesis).

MINISTRY FOR WELFARE AND POPULATION DEVELOPMENT 1995. Draft White Paper for Social Welfare. Government Gazette, Vol. 368, No. 16943 (2 February). Pretoria: Govenunent Printer.

NEWSPAPER REPORT/KOERANTBERIG: MBEKI, T. 1998. Fiddling while the AIDS crisis gets out of control. Sunday Times, 8 March, 18.